basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Afrikaans Tweede Addisionele Taal

# (KABV)

## Graad 10

## Lesse vir leerders

## Derde Kwartaal

## 2012

# Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

**N. Ackerman, Y.du Preez, M. Dumane, E. Immelman,**
**P. Janse van Renburg, J. Kekana, P. Meyer, W. Mohambi,**
**H. van Rooyen, M Venter.**
**Noord-Wes Departement van Onderwys**

**Departement van Basiese Onderwys**

Sol Plaatje Huis
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357-3000
Faks: +27 12 323-6601

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110
http://www.education.gov.za

http://www.thutong.doe.gov.za

**© 2012 Departement van Basiese Onderwys**

Kopiereg voorbehou

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| **Hoofstuk 10: Feeste** | **4** |
| **Hoofstuk 11: Beroepe** | **25** |
| **Hoofstuk 12: Van Khoisan tot Kwaito** | **38** |
| **Hoofstuk 13: Die Rekenaar** | **50** |
| **Hoofstuk 14: Natuurdinge** | **57** |


Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 10: Feeste

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * iemand in Afrikaans gelukwens.<br>* luister hoe verskillende kulture verjaarsdae vier. |
| Lees en kyk | * hardoplees.<br>* tekste lees. |
| Skryf en aanbied | * 'n vriendskaplike brief skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | * betekenis van woorde in 'n woordeboek opsoek.<br>* taalaspekte leer en inoefen:<br>o spelreëls en -patrone<br>o afkortings, verkortings en akronieme<br>o woorde vorm deur samestellende afleidings en<br>o verbindingsklanke<br>o sinstrukture – woordorde<br>o voornaamwoorde<br>o ontkenning<br>* taalfoute uit leerders se skryfstukke verbeter. |

## Luister en praat

**KOM ONS VIER FEES!** [Verwerk uit: *Kaperjol*, EAT]

**Veels geluk!**

Kyk na die foto's en voer die opdragte uit.




Kopiereg voorbehou

1. Hierdie mense is baie bly. Jy wil hulle gelukwens. Wat kan jy vir elkeen van hierdie mense sê om te wys jy is bly oor wat hul bereik het?
   BEGIN SO: Veels geluk met … .

2. Hoe kan jy nóg vir mense wys dat jy bly, trots of gelukkig voel oor iets wat hulle bereik het, sonder om woorde te gebruik?
   (WENK: Dink aan liggaamstaal.)

**Praat**

**Oefening 1**

1. Werk in groepe. Elke groep kry een van die foto's, **A – E**, om oor te praat.
   Hoe dink julle, gaan die persoon in die foto die groot gebeurtenis vier (*celebrate*)?

2. Wanneer vier mense nog fees, behalwe vir die voorbeelde op die foto?
   Dink aan soveel voorbeelde as wat julle kan.

**Voltooi die liedjie hieronder deur die regte woorde uit die raampie in te vul.**

| **liefde geluk wen trou verjaar vergoed jou dae eeue jare** |
|---|




3. Veels (a) … liewe maatjie omdat jy (b) … .

   Mag die Here (c) … seën en nog baie (d) … spaar.

4. In verskillende kulture en gemeenskappe word verjaarsdae nie altyd op dieselfde manier gevier nie, maar gewoonlik voel die persoon wat verjaar op dié dag baie spesiaal

   Gesels oor die volgende:

   - Waarom is verjaarsdae sulke spesiale dae?
   - Hoe word verjaarsdae in julle gesin of familie gevier?
   - Wat wil jy graag hê moet op jou volgende verjaarsdag gebeur?

Kopiereg voorbehou

Begin julle antwoorde met: ***Ek wil …***

## Lees en kyk

### Voor jy lees

Kyk na die lys van Suid-Afrika se openbare vakansiedae en die datums waarop dit in 2012 val of geval het.




### Oefening 2

[Verwerk uit: *Kaperjol,* Gr 10:EAT]

1. Waarom dink jy, is dié dae openbare vakansiedae?

2. Watter van hierdie vakansiedae het vir jou die meeste betekenis? Waarom?

Kopiereg voorbehou

**Hallo GOGGA, het jy geweet … ?**

***Suid-Afrika se amptelike vakansiedae is:***

- ***Nuwejaarsdag (1 Januarie)***
- ***Menseregtedag (21 Maart)***
- ***Goeie Vrydag (nie elke jaar op dieselfde datum nie)***
- ***Gesinsdag (Paasmaandag) (nie elke jaar op dieselfde datum nie)***
- ***Vryheidsdag (27 April)***
- ***Werkersdag (1 Mei)***
- ***Jeugdag (16 Junie)***
- ***Nasionale Vrouedag (9 Augustus)***
- ***Erfenisdag (24 September)***
- ***Versoeningsdag (16 Desember)***
- ***Kersdag (25 Desember)***

**Hardoplees**: Kies een van die onderstaande leesstukkies en lees dit hardop in die klas voor.

**1 Januarie: Nuwejaarsdag [*New Year's Day*]**

Suid-Afrika **vier** Nuwejaar op 1 Januarie. In die Kaap is dit natuurlik ’n groot geleentheid met **vrolike** musiek en karnaval-optogte. Christene gaan op 31 Desember om 23:00 kerk toe. Om 24:00 word die kerkklokke gelui en dan wens die mense mekaar voorspoed toe vir die nuwe jaar.

In die moderne tyd het dit ’n dag van groot jolyt geword. Die mense vertel vir mekaar van hul persoonlike Nuwejaarsvoornemens ( *New Year’s resolutions*) wat hulle gedurende die jaar wil nakom (*achieve*).

Op hierdie vakansiedag berei (*prepare*) mense kos vir hul families en vriende voor en ruil nuwejaarswense uit.

Kopiereg voorbehou

**21 Maart: Menseregtedag [*Human Rights Day*]**

Op 21 Maart 1960 was daar opstande in die swart woonbuurt (*location*), Sharpeville, naby Vereeniging. Die polisie het begin skiet nadat duisende ontevredenes ure lank om die polisiekantoor saamgedrom het. Tydens hierdie opstande is 69 mense dood en baie gewond.

Die huidige regering (*government*) het besluit om 21 Maart Menseregtedag (Sharpevilledag) te noem. Alle Suid-Afrikaners wat dié dag as menseregtedag vier, word bewus gemaak van hul menseregte. Almal word dan ook daaraan herinner dat dié gebeure uit die verlede, nóóit weer in die **toekoms** moet gebeur nie.

**Goeie Vrydag en Gesinsdag (Paasmaandag) [G*ood Friday and Family Day*]**

Goeie Vrydag moet altyd op ’n Vrydag wees. Dit word op verskillende datums tussen 22 Maart en 25 April gevier. Dit verwys na die dag van Jesus Christus se kruisiging. Die Sondag daarna is die dag van Sy opstanding of Paassondag.

Die Maandag wat daarop volg, is ook ’n vakansiedag, al is dit nie ’n godsdienstige vakansiedag, soos Goeie Vrydag nie. In die nuwe Suid-Afrika noem ons dit Gesinsdag, om die belangrike rol van die **gesin** in ons samelewing te beklemtoon.

Gedurende die Paasnaweek word daar nog sekere van die ou tradisies gevolg. Van hierdie tradisies is die Paashaas, wat ’n simbool van vrugbaarheid (*fertility*) is, en Paaseiers, wat wys op die sonlig van die lente in Europa.

**27 April: Vryheidsdag [Free*dom day*]**

Op hierdie dag in 1994 is die eerste ware demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou. Die ou bedeling van apartheid is begrawe. Alle volwassenes van agttien jaar en ouer kon gaan stem, ongeag hul ras of kleur. Die nuwe grondwet van Suid-Afrika is op dieselfde dag in 1997 in werking gestel (*implemented*).

As gevolg van rassediskriminasie is Suid-Afrika deur die hele wêreld veroordeel en ander lande het sanksies (*sanctions*) teen die land ingestel. Dit is deur die verkiesing van 27 April 1994 reggestel.

Daar is gevoel dat hierdie dag elke jaar as Vryheidsdag gevier moet word, omdat almal nou die reg tot vryheid het.

Kopiereg voorbehou

**1 Mei: Werkersdag [*Worker's Day*]**

Baie lande gedenk hierdie dag. Die dag vertel van die stryd van die werkersklas om hulle lone te verhoog, asook om die toestande waaronder hulle werk, te verbeter. Dit is 'n dag waarop die werkers kan terugdink aan die stryd van die verlede en ook aan die uitdagings (*challenges*) van die toekoms.

In Europa is Meidag 'n fees vir kinders om bly te wees oor die blomme wat groei. Die Meidag-feesvierings is ter ere van Flora, die Romeinse godin van blomme.

**16 Junie: Jeugdag [*Youth Day*]**

Hierdie dag het begin met die opstande van skoliere in Junie 1976 in Soweto. Een van die redes vir hierdie opstande was dat Afrikaans as onderrigtaal (*medium of instruction*) in die skole ingestel is. Dit het tot geweld gelei.

'n Nuwe geslag jongmense het hul stem teen apartheid laat hoor en hulle wou hê die ouer mense moes na die jeug ook luister. Daarom het die nuwe regeerders van Suid-Afrika gevoel dat die vryheidsstryd elke jaar op 16 Junie gedenk moet word.

Jeugdag is 'n openbare vakansiedag, ter ere van al die jongmense wat hul lewens in die stryd teen apartheid en "Bantoe-onderwys" verloor het.

**9 Augustus: Nasionale Vrouedag [*National Women's Day*]**

Op Nasionale Vrouedag erken ons die rol wat vrouens in die transformasie-proses van Suid-Afrika gespeel het. Dit vestig ook die aandag op die probleme wat vroue nog steeds het.

Sowat 20 000 vroue het op 9 Augustus 1956 na die Uniegebou (*Union buildings*) in Pretoria gestap om teen die paswette te betoog. Elke swartvrou moes 'n identiteitsdokument of pas by haar dra.

Saartjie Baartman, 'n San-vrou wie se liggaam na haar dood in Frankryk bewaar en toe later na Suid-Afrika laat kom is, is ook op 9 Augustus in Hankey herbegrawe.

**24 September: Erfenisdag [*Heritage Day*]**

In die nuwe Suid-Afrika het die regering besluit dat daar 'n dag moes wees waarop alle Suid-Afrikaners aan hul eie erfenis moet dink. Elkeen moet op dié dag sy eie kultuur, geskiedenis en **taal** herdenk.

Op dié vakansiedag word verskillende aktiwiteite gereël waar Suid-Afrikaners hulle eie **kulture** en tradisies kan vier. Erfenisdag herinner ons ook aan die elemente van nasionale eenheid, nasiebou en versoening.

Oud-president Mandela het na die "reënboognasie" verwys om Suid-Afrika se baie kulture, gebruike, tradisies, geskiedenisse en tale te beskryf.

Die eerste Erfenisdag was op 24 September 1995.

**16 Desember: Versoeningsdag [*Day of Reconciliation*]**

Afrikaners het 16 Desember eers as Dingaansdag en later as Geloftedag gedenk. Dit is omdat 'n groep Voortrekkers 'n gelofte (*pledge*) aan God afgelê het, voordat hulle op

Kopiereg voorbehou

daardie dag in 1838 ’n Zulumag in die Slag van Bloedrivier (*Ncome*) in KwaZulu-Natal, verslaan het. Hulle sou daardie dag as ’n Sondag herdenk en dié gelofte moes deur hulle kinders en dié se kinders nagekom word.

ANC-aktiviste het 16 Desember onthou as die dag in 1961 toe die ANC sy soldate gereed gekry het om apartheid omver te werp.

In die nuwe Suid-Afrika is hierdie dag tot Versoeningsdag herdoop, waar ‘n “nuwe” reënboognasie gebou moes word.

**25 Desember: Kersdag [*Christmas Day*]**

Kersdag word gevier om die **geboorte** van Jesus Christus in Betlehem te gedenk. Dit is een van die feeste wat deur die meeste mense regdeur die wêreld op 25 Desember gevier word. Die naam Kersfees (*Christmas*) kom van die woorde “Christ’s Mass”.

Op hierdie dag woon mense kerkdienste by en kook feesdisse (*dishes*). Families en vriende gee vir mekaar geskenke en vertel ook die Bybelverhaal van Christus se geboorte vir hulle kinders.

Ander tradisies gedurende Kersfees is om soos Kersvader ‘n rooi pak klere aan te trek en geskenke aan kinders uit te deel. Kersbome word met blink versierings (*decorations*) en liggies versier.

**26 Desember: Welwillendheidsdag [*Boxing Day*]**

Hierdie dag het vroeër as Tweede Kersdag (*Boxing Day)* bekend gestaan. Die ou Engelse het op hierdie dag vir hul werknemers “*Christmas boxes”* of **geskenke** gegee. In Suid-Afrika is hierdie dag ook ‘n vakansiedag.

Onder die nuwe naam, Welwillendheidsdag, wys dit op die liefde waarvan daar in die Kersverhaal gepraat word. Dit is iets wat nodig is onder alle bevolkingsgroepe (*racial groups)* in die jong demokrasie van ons land.

[Verwerk uit: *Mieliestronk*]

Kopiereg voorbehou

**Oefening 3**

3.1. Kyk na die woorde in die raampie en omkring dit in die blok hieronder. Die woorde kan vertikaal, horisontaal, skuins of van onder-na-bo geskryf wees.

| |
|---|
| **kulture geskenke vier gesin toekoms vrolike geboorte taal** |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| g | e | s | i | n | e | s | d |
| e | e | o | b | n | k | m | m |
| s | g | b | l | u | i | o | v |
| k | t | e | o | h | l | k | i |
| e | w | a | p | o | o | e | e |
| n | d | i | a | n | r | o | r |
| k | e | r | t | l | v | t | i |
| e | k | u | l | t | u | r | e |

3.2. Soek die woorde se betekenisse in die woordeboek op en maak 'n sin met elke woord.

**Lees** nou die volgende:

**’n Wêreld vol feeste en feesdae**

Duisende jare lank het die mense van die Noordelike Halfrond *(Hemisphere)* die wintersonstilstand *(solstice)* gevier *(celebrate)*.

Die **Romeine** het die god *Saturnus* elke Desember met ’n fees vereer *(worship).* Hulle het hierdie fees **Saturnalia** genoem. Dié fees was vyf tot sewe dae lank, skole en besighede was gesluit en slawe *(slaves)* het hulle base as gelykes *(equals)* gedien en ook dieselfde klere as hulle aangetrek. Skelms en kriminele kon nie gestraf word nie en oorlog *(war)* kon ook nie teen jou land se vyand *(enemy)* verklaar *(declare)* word nie. Tydens hierdie fees het die mense ook vir mekaar geskenke *(gifts)* gegee.

Gedurende Desember het die **Germaanse** mense **Yule** gevier, die fees vir hulle god *Johnir* of *Thor.* Die Germaanse mense het van heinde en ver *(far and wide)* bymekaar gekom, spesiale kosse geëet en ook vir mekaar geskenke gegee.

In die tyd van die wintersonstilstand-feeste van die Noordelike Halfrond, is ‘n groen boom vol versierings gehang *(hanged with decorations)*, wat ‘lewe’ in die ‘dooie’ wintermaande van die jaar gesimboliseer *(symbolise)* het.

Hierdie feeste is deur die Christene oorgeneem *(take over)* en so het Kersfees ontstaan. Dit is vandag nog een van die belangrikste feesdae op die Christene se kalender. Dit word as die dag van Christus se geboorte en Sy koms na die aarde gevier. Mense stuur vir mekaar kersfeeskaartjies, gee presente *(gifts)* by ‘n kersboom met baie versierings en eet feestelike kos saam met hulle familie en vriende.

Die waardes *(values)* van die Christelike godsdiens, soos om saam met familie en vriende te kuier, is ook vir nie-Christene belangrik.

In die Noordelike Halfrond *(Hemisphere)* is Kersfees in die winter en in die Suidelike Halfrond is dit in die somer. In Suid-Afrika is daar gedurende Kersfees altyd ‘n gees *(spirit)* van ‘met-vakansie-wees’ en warm sonskyn.

[Verwerk uit*: Kaperjol: Afrikaans vir vandag*]

**Nadat jy gelees het**

**Oefening 4**

Beantwoord die volgende vrae.

1. In Europa, in die Noordelike Halfrond, kry ons die wintersonstilstand in Desember. Watter seisoen is dit dan in die Suidelike Halfrond, waar Suid–Afrika is?
2. Noem DRIE spesiale vergunnings / voorregte *(privileges)* wat tydens die *Saturnalia-fees* aan die Romeine gegee is.
3. Watter ooreenkoms *(similarity)* was daar tussen die Romeinse fees, *Saturnalia,* en die Germaanse fees, *Yule*?

Kopiereg voorbehou

4. **Kersfees** is een van die belangrikste feesdae vir die Christene. Hoekom is dit vir hulle so belangrik?
5. Waarom vier nie-Christene dikwels ook Kersfees?
6. Soek woorde in die leesstuk wat dieselfde as die volgende beteken:
   - mense wat misdaad pleeg (*commit crime*).
   - mense wat vir ryk (*rich*) mense werk vir geld.
   - geskenke.
   - ‘n tabel wat die maande, weke en dae van die hele jaar vir jou wys.

**Vir verryking: Woordspeletjie**

7. Verdeel in **3 – 4 groepe**. In die raampie is woorde wat in die leesstuk voorkom. Soek hierdie woorde in die blokkie en omkring dit. Dié woorde kan horisontaal, vertikaal of skuins geskryf wees. (Vra jou onderwyser om dit vir jou te verduidelik as jy dit nie verstaan nie.) Die groep wat eerste ál die woorde gekry het, is die **wenspan!**

1. Halfrond 2. Romeine 3. Desember 4. dae 5. skole 6. besighede 7. slawe
8. gelykes 9. klere 10. boom 11. mense 12. Germaans 13. Yule 14. Thor
15. vier 16. lewe 17. Christene 18. kalender 19. geboorte 20. koms 21. vriende
22. Kersfees 23. waardes 24. koue 25. winter 26. somer 27. gees (27 woorde)

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | C | M | K | c | l | R | u | y | D | B | w | k | O |
| p | h | V | R | o | m | e | i | n | e | x | o | a | K |
| v | r | I | e | n | d | e | q | n | s | u | d | l | e |
| w | i | N | t | e | r | k | t | v | e | k | w | e | r |
| h | s | E | s | r | z | G | e | r | m | a | a | n | s |
| s | t | N | r | d | f | t | g | e | b | k | a | d | f |
| g | e | E | s | w | r | i | w | Y | e | l | r | e | e |
| m | n | R | s | o | m | e | r | u | r | e | d | r | e |
| n | e | E | o | x | l | p | d | l | u | r | e | x | s |
| y | t | B | e | s | i | g | h | e | d | e | s | y | k |
| a | e | B | j | l | c | h | k | z | k | j | v | z | o |
| g | l | O | H | a | l | f | r | o | n | d | h | o | l |
| T | h | O | r | w | o | M | b | d | m | z | a | n | e |
| r | o | M | g | e | l | y | k | e | s | s | w | e | h |

Kopiereg voorbehou

## Skryf en Aanbied

Die vriendskaplike brief

**Oefening 5**

Lees die brief hieronder uit *Beeld* van Dinsdag, 10 April 2012, waarin Johan Basson van Pretoria skryf dat alle openbare vakansiedae in die jaar gekanselleer moet word.

Skryf nou 'n brief van 80 – 100 woorde (*die inhoud)* aan jou beste vriend/vriendin waarin jy jou mening *(opinion)* gee waarom jý dink dat openbare vakansiedae *(public holidays)* **nie** afgeskaf *(cancelled)* behoort te word **nie**.

**KANSELLEER AL DIE OPENBARE VAKANSIEDAE!**

**Johan Basson van Pretoria skryf:**

Alle Suid-Afrikaanse openbare vakansiedae moet onmiddellik deur die regering gekanselleer word!


Dié Suid-Afrikaners vir wie ‘n gebeurtenis *(event)* uit die verlede *(past)* belangrik is, of wat ‘n spesifieke geleentheid *(occasion)* soos die bevordering *(promotion)* van menseregte *(human rights)* wil vier *(celebrate)*, moet bereid wees om self daarvoor te betaal en hul eie verlofdae *(leave)* daarvoor te gebruik.

Die ekonomie van Suid-Afrika word negatief beïnvloed *(effected)* en ons belastinggeld *(tax money)* moet gebruik word om daarvoor te vergoed (*compensate)*.

[Verwerk uit: *Beeld*, Dinsdag, 10 April 2012]

**Beplanning**

Gebruik die volgende kopkaart om jou brief te beplan.




Maak ‘n lysie van die woorde wat jy in jou brief wil gebruik (*vra die onderwyser om jou te help*) en gebruik ‘n woordeboek om seker te maak dat dit **korrek** gespel is.

Kopiereg voorbehou

**Skryf**

- Die <u>inleidingsparagraaf</u> moet 'n skakel *(link)* tussen jou en jou vriend/vriendin wees.
- Dit word in 'n persoonlike en vriendelike trant *(manner)* geskryf.
- Die doel *(purpose)* is om met jou vriend/vriendin te <u>kommunikeer</u>.
- Al is dit informeel, moet dit nog <u>interessant</u> wees.
- Praat direk met jou vriend/vriendin, asof hy/sy langs jou staan.
- Daar moet ten minste één werkwoord *(verb)* in elke sin wees.
- Die <u>slotparagraaf</u> moet jou brief saamvat *(summarise)* en jy kan ook 'n rede *(reason)* gee waarom die persoon moet terugskryf.
- <u>Voorbeeld</u>: die brief wat in die **taaloefeninge** gebruik word.

**Verbeter jou brief**

Werk saam met 'n maat en maak seker van die volgende:

- dat die inhoud van jou brief 80 – 100 woorde is.
- dat die inhoud gaan oor ***openbare vakansiedae wat nié afgeskaf moet word nié*** en die **redes** waarom jy so dink.
- dat jou woorde korrek gespel is.
- dat julle **verstaan** wat die ander persoon geskryf het, nadat julle mekaar se briewe gelees het.

## Taal in konteks

**HUWELIKE/TROUES (*weddings* )** [Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense,* TAT]

Lees hoe 'n paar getroude mense hul troues onthou.

**'n Sepedi-troue**

Alice vertel: "Ek het twee trourokke (*wedding dresses*) gehad. In die kerk het ek 'n wit trourok gedra. Daarna het ek vir die troufees die tradisionele bont klere van ons Sepedi's aangetrek. Ek het 'n rooi doek om my kop gedraai en baie krale om my nek gedra. Omdat ek lekker saam met die gaste wou dans, het ek my tekkies aangetrek."

**'n Hindoe-troue**

Cyril, die bruidegom (*bridegroom*), vertel: "Ons Hindoes se troues is altyd baie kleurvol (*colourful*). My vrou, Champa, het 'n bloedrooi sari gedra. Haar pragtige, goue (*golden*) juwele was geskenke van ons ouers. Toe die seremonie begin, het ons voor 'n heilige vuur (*holy fire*) gaan sit. Ons moes sewe keer om die vuur loop terwyl ek sewe beloftes aan Champa gemaak het. Die rooi kolletjie op haar voorkop beteken dat sy getroud is."

**'n Westerse troue**

Marie vertel: "Ons het in die Moederkerk in Stellenbosch getrou. My rok was spierwit. Die blomme in my ruiker was mooi oranje rose. Toe ek my bruidegom sien, kon ek nie ophou glimlag (*smile*) nie. Die predikant het pragtig oor die liefde gepraat. Die onthaal (*reception*) was op 'n plaas buite die dorp. Ons het net familie en vriende genooi. Ek sal dié wonderlike dag nooit vergeet nie."

**'n Joodse troue**

Phillis vertel: "Ek en Mark het in 'n sinagoge onder 'n **troonhemel** (*canopy*) getrou. 'n Troonhemel bestaan uit vier pale met 'n stuk materiaal as dak. Dit is simbolies van die huis waarin ons gaan woon. Ons het wyn uit spesiale glase gedrink. Aan die einde van die diens het die bruidegom, Mark, 'n wynglas met sy voet stukkend getrap. Dit beteken dat daar vir ons goeie en slegte tye sal wees."

Kopiereg voorbehou

**Oefening 6**

1. Beskryf Alice se twee trourokke.
2. Watter kleur was Marie se blomme?
3. Wat beteken die rooi kolletjie op Champa se voorkop?
4. Hoeveel pale is daar in ‘n troonhemel?

**Oefening 7**

Voltooi die blokkiesraaisel.

**LEIDRADE**

***Af:***


1. Marie het 'n _____ (*bouquet*) van rose gehad.
2 . Die _____ (*service*) van Phillis se Joodse troue was in 'n sinagoge.
3. Marie het in 'n _____ (*church*) in Stellenbosch getrou.
4. Die troonhemel is _____ (*symbolic*) van die huis waarin Phillis en Mark gaan woon.
5. Alice het tekkies gedra omdat sy saam met die _____ (*guests*) wou dans.
7. Champa het met Cyril getrou. Nou is sy met hom _____ (*married*).
9. Dit is wat ons 'n vrou noem op die dag van haar troue.
10. Die familie en vriende word (op/na) 'n troue toe genooi.
13. As mense trou, moet hulle getrou wees (op/aan) mekaar.

***Dwars:***

2. Alice het 'n mooi _____ (*cloth*) op haar kop gedra.
4. 'n Joodse kerk word 'n _____ (*synagogue*) genoem.
6. 'n Man en 'n vrou trou (met/vir) mekaar.
7. Champa se juwele was 'n _____ (*gift*) van hulle ouers.
8. As jy baie van iemand hou, sê ons jy is verlief (op/aan) die persoon.
9. As jy aan iemand iets belowe, dan maak jy 'n _____ (*promise*).
11. By ‘n Hindoe-troue moet die paartjie voor 'n heilige _____ (*fire*) gaan sit.
12. Marie se _____ (*reception*) was op 'n plaas.

14 Op Marie se troue het die _____ (*minister*) mooi gepraat.

Kopiereg voorbehou




**Soorte voornaamwoorde**

Persoonlike, besitlike, vraende en onpersoonlike voornaamwoorde.

| Voornaamwoorde | Voorbeeld |
|---|---|
| Persoonlike | ek, jy, ons, ens. |
| Besitlike | my, sy, joune, hare, ons s’n, ens. |
| Vraende | waarin, wat, wie, ens. |
| Onpersoonlike | dit, daar |

Kopiereg voorbehou

## Voornaamwoorde

Persoonlike en besitlike voornaamwoorde [Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense*, TAT]

| Persoonlike Voornaamwoorde | Besitlike voornaamwoorde | Persoonlike en besitlike voornaamwoorde |
|---|---|---|
| *ek, jy, sy, hy, ons, julle, hulle* | *my, jou, haar, sy, ons, julle, hulle, myne, joune, hare, syne, ons s'n, julle s'n, hulle s'n* | *ek, jy, sy, hy, ons, julle, hulle, my, jou, haar, sy, ons, julle, hulle* |
| **Ek** sê dis my ring. | Dis **myne**. | **Ek** vat **dit** vir **my**. |
| **Jy** sê dis jou ring. | Dis **joune**. | **Jy** vat **dit** vir **jou**. |
| **Sy** sê dis haar ring. | Dis **hare**. | **Sy** vat **dit** vir **haar**. |
| **Hy** sê dis sy ring. | Dis **syne**. | **Hy** vat **dit** vir **hom**. |
| **Ons** sê dis ons ringe. | Dis **ons s'n**. | **Ons** vat **dit** vir **ons**. |
| **Julle** sê dis julle ringe. | Dis **julle s'n**. | **Julle** vat **dit** vir **julle**. |
| **Hulle** sê dis hulle ringe. | Dis **hulle s'n**. | **Hulle** vat **dit** vir **hulle**. |

***DIT** is ook 'n voornaamwoord, want **dit** staan in die plek van **ring**.*

### Oefening 8

Vul die ontbrekende voornaamwoorde hier onder in.
Kies uit die volgende: **ek, jy, hy, my, jou**.

Die predikant vra: "Sipho, waar is 1. _____ kopring?"
Sipho antwoord: " 2. _____ het 3. _____ kopring by die huis vergeet."
Die predikant sê: "Dan moet 4. _____ vir John vra of 5. _____ langs 6. _____ sal staan en vir 7. _____ sy kopring sal leen."
Sipho vra: "John, sal 8. _____ langs 9. _____ staan en vir 10. _____ jou kopring leen, asseblief?"

### Oefening 9

Kies die regte woord tussen hakies.

1. Alice sê (a) (sy/haar) het (b) (sy/haar) wit trourok in die kerk gedra, maar by die troufees het (c) (sy/haar) (d) (sy/haar) tradisionele klere gedra.
2. Cyril sê (a) (hy/sy) is 'n Hindoe en (b) (hy/sy) vrou se naam is Champa. (c) (Hy/Sy) moes sewe beloftes aan (d) (hy/sy) vrou maak.
3. Die man vra vir die vrou of (a) (hy/sy) met (b) (hom/haar) sal trou.

[Verwerk uit: *Afrikaans vir ons*]

Kopiereg voorbehou

Lees die inligting oor troues en tradisies.

## Nikah


'n Moslem-troue word **nikah** genoem. Die bruid woon nie self die seremonie in die **moskee** (*mosque*) by nie, maar stuur twee **getuies** (*witnesses*).
Die troue moet in die **publiek** (*public*) plaasvind en mag nooit in die geheim gebeur nie. Daar is gewoonlik 'n **groot fees** (*walimah*) ná die seremonie waar die paartjie saam met familie en vriende **feesvier** (*celebrate*). Baie Moslem-bruide trou in 'n tradisionele wit trourok, maar party bruide trou in 'n rooi **uitrusting** (*outfit*) met goue **drade** (*threads*).

## Voorskoot

Die Ndebele-**bruid** (vrou wat gaan trou) dra 'n **voorskoot** (*apron*) met krale op. Sy dra ook **enkelringe** (*anklerings*) van geelkoper.

## Kralewerk

Xhosas dra graag krale (*beads*).
Die jong mans se krale is gewoonlik mooier as die meisies s'n.
Die rede hiervoor is dat as 'n jong meisie 'n jong man bewonder, maak sy vir hom die pragtigste krale as 'n teken van haar liefde.



## Kralebriewe

Zulu-meisies maak **briewe** (*letters*) van krale vir die jong mans van wie hulle hou. Elke **kleur** (*colour*) dra 'n **boodskap** (*message*) oor.

***Rooi*** krale beteken dat sy hom liefhet; ***blou*** wys dat haar **gedagtes** (*thoughts*) soos 'n wit duif na haar geliefde **vlieg** (*fly*); ***wit*** beteken dat haar liefde **suiwer** (*pure*) is; ***geel*** beteken **rykdom** (*wealth*) en ***swart*** dat sy met hom wil trou, omdat sy graag die swart **voorskoot** (*apron*) wil dra wat 'n simbool van die **huwelik** (*marriage*) is.

'n Zulu-**bruidegom** (*bridegroom*) uit 'n belangrike familie dra 'n luiperdvel en kopring van 'n getroude man.



## By die skoonma gaan woon

Die tradisionele Xhosa-bruid moet haar eie familie verlaat (*leave*) en by haar skoonfamilie (*parents-in-law*) gaan woon.
Sy moet hard werk in hulle huis en hulle reëls gehoorsaam (*obey*).
Die bruid se eie pa gee vir haar 'n koei as geskenk wat sy saam met haar na haar nuwe huis kan neem.

[Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense*]

Kopiereg voorbehou

**Sinstrukture: woordorde**

**ONTHOU!** Eers tyd, dan wyse, dan plek

Kyk na die woordorde in die volgende sinne

| **Onderwerp** | **Werkwoord** | **TYD (wanneer doen hulle dit?)** | **WYSE (hoe doen hulle dit?)** | **PLEK (waar/waarheen?)** |
|---|---|---|---|---|
| Die meisie | loop | op Nuwejaarsdag | baie stadig | winkel toe. |
| Thabo | gaan | elke Vryheidsdag | so gou hy kan | *Freedom Park* toe. |
| Die onderwyser | besoek | elke jaar op Menseregtedag | getrou | sy ouers se grafte. |

**Oefening 10**

Bou **sinne** deur die woorde reg te skommel / organiseer. Onthou om jou sin met 'n hoofletter te begin.

**Bv.** met die trein | na hul familieplaas | gaan | die familie | elke Kersfees

**Die familie gaan elke Kersfees met die trein na hul familieplaas.**

1. op Werkersdag | Pulane | met sy broer se fiets | na sy vriend se huis | ry

2. mans | op Familiedag | gewoonlik | besoek | die Rooms-Katolieke kerk

3. hardloop | tot hulle moeg is | in Tau se strate | die fikse atlete | op Jeugdag

**ONTHOU:** Die woordorde van sinne verander as jy met 'n **ander** woord of woorde begin:

Ek gaan **elke jaar** op Vrouedag met die taxi na my ouma toe in Gauteng.

**Elke jaar** gaan ek op Vrouedag met die taxi na my ouma toe in Gauteng.

As 'n sin met woorde soos **soggens, elke dag, skielik, binnekort, gewoonlik, in die winter/somer/herfs/lente, verlede week** of **dikwels** begin, kom die **werkwoord** direk daarna.

Kopiereg voorbehou

**Oefening 11**

Begin die volgende sinne met die woorde wat **vetgedruk** (*bold*) is.

1. Dit het op Kersdag **skielik** hard begin reën.
   **Skielik …**
2. Nomsa lees die koerant **elke dag** voordat sy skool toe gaan.
   **Elke dag …**
3. Die seun swem **in die somer**, omdat hy warm kry.
   **In die somer …**
4. Die skoolkinders neem **smiddae** aan allerhande sportsoorte by die skool deel.
   **Smiddae …**
5. Daar gaan **binnekort** sportvelde vir ons skool gebou word.
   **Binnekort …**
6. My moeder het **verlede week** uit die hospitaal gekom.
   **Verlede week …**
7. By 'n Moslem-troue is daar **gewoonlik** 'n fees ná die seremonie.
   **Gewoonlik …**
8. 'n Moslem-bruid verkies **dikwels** 'n rooi uitrusting met goue drade.
   **Dikwels …**
9. Die Ndebele-bruid dra **elke dag** 'n krale-voorskoot en geelkoper-enkelringe.
   **Elke dag …**

[Verwerk uit: *Nuwe Afrikaans Sonder Grense – TAT]*

**Ontkenning**

**Onthou:** As vrae in die ontkenning beantwoord word, gebruik ons byna altyd die dubbele ontkenning.

| | |
|---|---|
| Ek het verlede *(previous)* week 'n Zulu-troue bygewoon.<br><br>**Ontkenning:**<br>Ek het **nie** verlede week 'n Zulu-troue bygewoon *(attend)* **nie.** | Het die stadsmeisie **al ooit** 'n tradisionele Ndebele-troue bygewoon?<br><br>**Ontkenning:**<br>Het die stadsmeisie **nog nooit** 'n tradisionele Ndebele-troue bygewoon **nie**? |

In die eerste sin het ons die dubbele negatief : **nie … nie.**

In die tweede sin het ons die negatief van: **nog nooit ... nie.**

Kopiereg voorbehou

Nog voorbeelde van sinne in die ontkenning:

| | |
|---|---|
| **(a)** **<u>iemand</u>**, bv. Ek het **iemand** by die venster gesien. | **<u>niemand … nie</u>,** bv. Ek het **niemand** by die venster gesien **nie**. |
| **(b)** **<u>iets</u>**, bv. Daar is **iets** wat ek vir jou wil sê. | **<u>niks … nie</u>,** bv. Daar is **niks** wat ek vir jou wil sê **nie**. |
| **(c)** **<u>iewers</u>**, bv. Ons gaan **iewers** heen vir die vakansie. | **<u>nêrens … nie</u>,** bv. Ons gaan **nêrens** heen vir die vakansie **nie**. |
| ***(d)*** **<u>êrens</u>,** bv. Daar is **êrens** ‘n yskas te koop. | **<u>nêrens …nie</u>,** bv. Daar is **nêrens** ‘n yskas te koop **nie.** |
| **(e)** **<u>ooit</u>*,*** bv*.* Het ek **ooit** vir jou van Thabo se hond vertel? | **<u>nooit … nie</u>,** bv. Het ek **nooit** vir jou van Thabo se hond vertel **nie?** |
| **(f)** **<u>al ooit</u>,** bv. Het jy **al ooit** vir jou ma daarvan gesê? | **<u>nog nooit … nie</u>,** bv. Het jy **nog nooit** vir jou ma daarvan gesê **nie?** |
| **(g)** **<u>nog</u>,** bv. Daar is **nog** lekkers in die pakkie. | **<u>nie meer … nie</u>,** bv. Daar is **nie meer** lekkers in die pakkie **nie.** |

[Verwerk uit: *Afrikaans is maklik*]

**Let op**: 'n Kort sin (onderwerp + ww.) in die teenwoordige tyd word met net één **nie** in die negatief geskryf, **bv.**

Hy slaap. **word** Hy slaap **nie.**

Ek ken *(know)* hom. **word** Ek ken hom **nie.**

Sy glo *(believe)* dit. **word** Sy glo dit **nie.**

Soggens werk sy. **word** Soggens werk sy **nie**

**Oefening 12**

Skryf nou die volgende sinne in die **ontkenning.**

1. ’n Zulu-bruidegom dra 'n luiperdvel en ‘n kopring.
2. Het jy al ooit gesien hoe Zulu-meisies briewe van krale maak?
3. Die Zulu-meisies se krale-briewe het heeltemal te veel kleure.
4. Wit krale beteken dat ’n Zulu-meisie ’n jong man liefhet.
5. Gaan jy nog elke Saterdag na een van jou Zulu-vriende se troues toe?
6. Is daar iets wat jy van 'n Zulu-troue wil weet?
7. Maak Zulu-meisies altyd krale-briewe vir jong mans wat hulle liefhet?

Kopiereg voorbehou

## Afkortings

### Oefening 13

[Verwerk uit: *Kommunikeer in Afr*ikaans]

Gee die afkortings/verkortings/akronieme vir die volgende woorde.

1. Afrikaans
2. Engels
3. Dinsdag
4. April
5. Ekonomie
6. diploma
7. liter
8. gram
9. kilogram
10. uur
11. antwoord
12. afdeling
13. hoofstuk
14. bywoord
15. Universiteit van Suid-Afrika
16. president
17. met betrekking tot
18. definisie
19. juffrou
20. oefening

## Samestellings en Samestellende afleidings

**Samestellings (deur verbindingsklanke te gebruik)**
Verbindingsklanke is slegs skakels wat stamme verbind, bv.:
kop + ent = kopp**en**ent
sterf + uur = sterw**ens**uur (let op na die spelling)
kat + kwaad = kat**te**kwaad
eet + tyd = et**ens**tyd (let op na die spelling)
dier + tuin = dier**e**tuin

**Samestellende afleidings**
Twee of meer stamme en 'n voorvoegsel of 'n agtervoegsel, bv.:
dikvellige = dik (stam) + vel (stam) + (l) -ige (agtervoegsel)
swartgallig = swart (stam) + gal (stam) + (l) -ig (agtervoegsel)
mooiskrywery = mooi (stam) + skryf (stam) + -ery (agtervoegsel)

### Oefening 14

Vorm EEN woord van die woorde tussen hakies. [Verwerk uit: *Moderne Afrikaans*]

Voorbeeld: Die bruid sny die (bruid + koek).
Die bruid sny die **bruidskoek.**

1. Die pare dans in die (dans + saal).
2. Die deftige vrou dra 'n (hals + snoer) om haar nek.
3. Die jong meisie gebruik haar (eet + uur) om haar trourok te gaan haal.
4. Toe die vrou trou, het sy haar (nooi + van) verloor.
5. Die bruidegom het sy (lewe + verhaal) vertel.
6. Saterdag gaan sy en haar vriendinne (vrug + koek) bak.
7. Die verskil tussen die bruid en die bruidegom is (hemel + breed).
8. Die jong manne is vol (jakkals + streke).
9. Hulle vang gereeld (kat + kwaad) aan.
10. Gister het die kinders die ganse in die (kind + waentjie) rondgestoot.
11. Die ganse was in (lewe + gevaar).

Kopiereg voorbehou

**Oefening 15**

Lees die volgende brief baie goed deur en voer die opdrag uit.

Beste Thabiso

Met ‘n hart wat vinnig klop van opgewondenheid (*excitement),* weet ek nie waar om te begin vertel **(1) …** . Soos jy weet, was dit **(2) saterdag** my suster, Simphiwe, se troue.

Die dag het begin met sms-boodskappe (*messages*) van **(3) friende** en familie wat **(4) het** my suster en Thabo, die man in haar lewe, gelukgewens. Ek en my broers en susters **het** die bruidsmotor baie mooi **(5) skoonwas** en rooi, groen en geel balonne aan die buitekant daarvan vasgemaak. Aan die agterste buffer (*bumper*) van die kar, het ons ook leë **(6) blikies** met sterk toutjies vasgebind, sodat dit ‘n groot geraas (*racket*) kan maak as die twee ná die troue op hulle wittebrood (*honeymoon*) wegry.

Toe die **(7) bruid+paar** (*bridal couple*) die kerk inloop, het Simphiwe soos ‘n prinses en Thabo, **(8) haar/sy** bruidegom (*bridegroom*), soos ‘n prins gelyk. My ma het saggies begin huil toe **(9) ds./do.** Khumalo hulle amptelik (*officially*) as man en vrou aangekondig (*announced*) het en haar beste vriendin vir hulle *“May the Lord bless you”* gesing het.

Die onthaal (*reception*) was in die **(10) stad+saal** en ons het lekker geëet, gedans en saam met die familie gekuier. Dit was definitief die lekkerste troue waarop ek nog was!

Geniet jou vakansie saam met jou ouers by die see en skryf wat jy alles daar gedoen het.

Jou vriendin
Sharon

1. Vul die ontbrekende woord in.
2. Verbeter die spelfout.
3. Verbeter die spelfout.
4. Verbeter die woororde.
5. Skryf die korrekte vorm van die woord.
6. Verbeter die spelling.
7. Vorm ‘n samestelling.
8. Kies die korrekte voornaamwoord.
9. Kies die korrekte afkorting.
10. Vorm ‘n samestelling.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 11: Beroepe

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * aan 'n klasbespreking oor beroepe deelneem en 'n plakkaat maak.<br>* 'n luisteroefening doen.<br>* 'n werksonderhoudsituasie rolspeel. |
| Lees en kyk | * 'n strokiesprent lees en vrae daaroor beantwoord.<br>* 'n gedig lees, bespreek en vrae daaroor beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * 'n kort boodskap skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | * betekenis van woorde in 'n woordeboek opsoek.<br>* telwoorde gebruik.<br>* teenwoordige, verlede en toekomende tyd gebruik.<br>* ontkenning gebruik. |

## Luister en praat

### Oefening 1

Skryf die name van die **beroepe** (*professions/careers*) in die prentjies neer en soek daarna die **betekenis** van die woorde in die woordeboek op.

| | | |
|---|---|---|
| a)  | b)  | c)  |
| d)  | e)  | f)  |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| g)  | h)  | i)  |
| j)  | k)  | l)  |
| m)  | n)  | o)  |

Uit: Clip Art]

**Oefening 2**

**Woordeskat oor beroepe**

Pas die korrekte betekenis in **KOLOM B** by die regte beroep in **KOLOM A**.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Apteker<br>2. Vlieënier/loods<br>3. Sakeman/sakevrou (*business ma woman*)<br>4. Taxibestuurder<br>5. Ingenieur | A. Iemand wat mense in ‘n taxi vervoer<br>B. Iemand wat motors regmaak<br>C. Iemand wat ‘n vliegtuig bestuur<br>D. Iemand wat mense gesond maak<br>E. Iemand wat paaie en brûe beplan<br>F. Iemand wat pasiënte versorg |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| 6. Werktuigkundige (*mechanic)*<br>7. Dokter<br>8. Joernalis (*journalist*)<br>9. Polisieman/polisievrou<br>10. Lugwaardin/vlugkelner (*flight attendant*)<br>11. Verpleegster/verpleër<br>12. Posmeester | G. Iemand wat diewe en ander misdadigers (*criminals*) vang<br>H. Iemand wat besigheid doen<br>I. Iemand wat medisyne meng en verkoop<br>J. Iemand wat berigte en artikels vir tydskrifte of koerante skryf<br>K. Iemand wat vir die passasiers op 'n vliegtuig sorg<br>L. Iemand wat die hoof van 'n poskantoor is |

[Uit: *Nuwe Afrikaans sonder Grense*]

**Klasbespreking**

Verdeel in groepe en vertel vir mekaar watter beroepe julle eendag wil volg. Maak sommer 'n lang lys. Sê ook of julle in die stad of op die platteland wil werk, of maak dit nie saak nie?

Doen navorsing oor **een** beroep en maak dan 'n plakkaat. Gebruik foto's of prente. Vertel dan vir die klas van die beroep wat jy gekies het, deur die plakkaat te gebruik.

**Luister**

**Voor jy luister**

Leer die woorde in die blokkie en hulle betekenis. Dit sal jou help om die luisterteks beter te verstaan.

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| senuweeagtig: *nervous* | seminare: *seminars* |
| jaloesie: *jealousy* | verdien: *earn* |
| angstig: *anxious/afraid* | werkswinkels*: workshops* |
| skinder: *gossip* | afdwing: *enforce* |
| foute: *mistakes* | geïnteresseerd*: interested* |
| deeltydse: *part time* | gemanierd: *well-mannered* |
| werkgewer: *employer* | |

**Terwyl jy luister**

- Luister na die teks "Jou eerste dag by 'n nuwe werk" wat vir jou voorgelees word.
- Maak aantekeninge terwyl jy na die teks luister.
- Lees die vrae sodat jy weet waarvoor jy moet luister.
- Luister weer na die teks.

Kopiereg voorbehou

**Nadat jy geluister het**

**Oefening 3**

Beantwoord die volgende vrae.

1. Hoe gaan jy, volgens die skrywer, op die eerste dag by 'n nuwe werk voel? (1)
2. Onder watter omstandighede sal jou baas jou foute oorsien? (1)
3. Wat is die belangrikste ding wat jy moet onthou as jy foute maak? (1)
4. Wat kan jy doen as jy bang is dat jy foute gaan maak? (1)
5. Noem twee kantoorsondes. (2)
6. Noem twee dinge wat jy kan doen om respek by jou werkplek te verdien. (2)
7. Noem twee maniere hoe jy verder kan studeer. (2)

**[10]**

Gebruik die memorandum wat die onderwyser vir jou gee en assesseer jou eie antwoorde.

## Lees en kyk

### Die moets en moenies van 'n werksonderhoud

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| maatskappy: *company*<br>behandel: *treat*<br>netjies: *neat*<br>indruk: *impression*<br>ferm handdruk: *firm handshake*<br>beleefd: *polite*<br>ontspanne: *relaxed* | selfvertroue: *self-confidence*<br>duidelik: *clearly*<br>voordele: *benefits*<br>rook: *smoke*<br>senuweeagtig: *nervous*<br>kougom: *chewing gum* |

**Voor jy lees**

Wat dink jy, is dinge wat 'n mens tydens 'n werksonderhoud móét doen en nié moet doen nie?

**Terwyl jy lees**

- Luister terwyl jou onderwyser die strokiesprente lees.
- Lees die vrae.
- Lees nou die teks self deur en merk moontlike antwoorde.

Kopiereg voorbehou

**Situasie 1:** Die moets van 'n werksonderhoud




[Uit: *Nuwe Afrikaans sonder Grense*]

**Situasie 2:** Die moenies van 'n werksonderhoud




[Uit: *Nuwe Afrikaans sonder Grense*]

Kopiereg voorbehou

**Nadat jy gelees het**
**Oefening 4**

Beantwoord die vrae.

1. Sê watter van die volgende sinne **waar** of **onwaar** is. Herskryf (*re-write*) die sinne wat **onwaar** is sodat hulle waar is.

| |
|---|
| **Voorbeeld:** ‘n Mens moet jeans, tekkies of T-hemde tydens ‘n onderhoud dra.<br>**Antwoord:** Onwaar. 'n Mens moet netjies aantrek. |

   a) Dit is nie belangrik om 'n goeie indruk tydens die onderhoud te maak nie.

   b) Gee 'n stywe handdruk wanneer jy die onderhoudvoerder ontmoet.

   c) 'n Mens mag tydens jou onderhoud rook en kougom kou.

   d) Wees beleefd tydens die onderhoud.

   e) Luister goed na die vrae en beantwoord die vrae duidelik.

   f) Dit maak nie saak as jy laat kom vir 'n onderhoud nie.

   g) Onthou om al jou sertifikate saam te neem.

2. Wat moet jy doen as jy iets nie mooi verstaan nie? Kies die korrekte antwoord.

   a) Maak asof jy alles verstaan en glimlag vriendelik.

   b) Vra dat die vraag herhaal moet word.

   c) Probeer om die vraag te beantwoord.

3. Moet nooit swak taal tydens 'n onderhoud gebruik nie. Skryf nou hierdie sinne in suiwer Afrikaans oor.

   a) Ek sal dié *job like.*

   b) Dit lyk na 'n lekker *joint* dié.

4. Bou woorde. Trek die blokkies van die piramide in jou skryfboek oor. Lees die leidrade in die sinne onder die piramide. Voltooi eers die sinne en vul dan dieselfde woorde in die blokkies op die piramide in.

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | a o | | | | | | |
| | | | | b | O | o | | | | | |
| | | | C | o | | | o | | | | |
| | | d | O | o | | | | | | | |
| | e o | | | | | | o | | | | |
| f | | | | | | | | | o | | |

Kopiereg voorbehou

**Leidrade:**

a) 'n Mens doen aansoek ____ *(for)* 'n werk.
b) Jy moenie vra of jy mag ____ *(smoke)* nie.
c) Dit is slegte maniere om tydens ‘n onderhoud _____ *(chewing gum)* te kou.
d) 'n Mediese fonds is een van die ____ *(benefits)* wat baie werkplekke aan werknemers bied.
e) As 'n mens vir baie poste aansoek doen, sal jy vir 'n hele paar ____ *(interviews)* gaan.
f) Dit skep 'n goeie indruk as jy vol ____ *(self-confidence)* is.

5. **Taal in konteks:**
Soek die woorde in die strokiesprent wat die **teenoorgestelde** van die woorde in vetdruk is:

**Verkeerde raad:**

a) Jy moet 'n **slegte** indruk maak.
b) Jy moet **slordig** aantrek.
c) Praat **onduidelik.**
d) Gebruik **ingewikkelde** taal.
e) Vra watter **nadele** die maatskappy het.

6. **Taal in konteks**

**Voltooi die sinne in die oop blokkies.**

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd | Toekomende tyd |
|---|---|---|
| Ek vind soveel as moontlik oor die maatskappy uit. | a) | b) |
| c) | Ek het netjies vir die onderhoud aangetrek. | d) |
| e) | f) | Ek sal met 'n stywe handdruk groet. |
| g) | Ek het goed na die vrae geluister. | h) |
| Ek praat duidelik. | i) | j) |

**Praat**

**'n Onderhoud**

Die volgende opdrag gaan in groepe van twee gedoen word.

Julle gaan 'n werksonderhoudsituasie rolspeel. LEERDER 1 dink aan 'n werk waarvoor hy of sy gaan aansoek doen. LEERDER 2 is die personeelbestuurder by die werkplek.

**Voor julle praat**

- Hou die moets en moenies van 'n werksonderhoud in gedagte.
- Beplan julle onderhoud.
- Skryf voor die tyd neer wat julle tydens die onderhoud vir mekaar wil vra, bv.:

Kopiereg voorbehou

LEERDER 1: Goeiemôre. Ek kom vir die onderhoud vir die deeltydse werk as ...

LEERDER 2: O, goeiemôre. Sit gerus. Wat is u naam?

LEERDER 1: Ek is ...

**Terwyl julle praat**

- Rolspeel die onderhoud voor die klas.
- Praat hard en duidelik en moenie haastig wees nie.

**Lees – 'n Gedig**

**Voor jy lees**

- Wat is die titel van die gedig?
- Wie is die digter?
- Vertaal die titel van die gedig in standaard Afrikaans.

**Terwyl jy lees**

- Lees die gedig hieronder.
- Luister na die verduideliking (*explanation*) van moeilike woorde.

**Ek is oek important – Peter Snyders**

As al julle geldgatte
julle geld gespendit,
en julle bananaskille
innie slootjie gegooi het,
en julle bustikkets
soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
opgedrink het,
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte
en stukkende boksies
en papiere
r o n d g e g o o i het

dan kom ek
en makie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important.

[Uit: *Groot Verseboek*]

Kopiereg voorbehou

| Woordeskat | |
|---|---|
| geldgatte | ryk mense |
| confetti | stukkies papier wat by 'n troue oor die bruidspaar gegooi word |
| staain | wyn |
| visgraatbolle | papier waarin die vis verkoop word |

**Nadat jy gelees het**

**Oefening 5**

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wie is die “julle” in die gedig?
2. Watter dinge dink jy, kon moontlik in die boksies en papiere gewees het wat die mense so rondgooi? Noem enigiets.
3. Op watter twee plekke tel die spreker die vuilgoed op? Skryf slegs die twee woorde uit reël 4 en reël 10 neer.
4. Waarmee word die buskaartjies vergelyk? (Reël 5 en 6)
5. Kies die regte antwoord: Die spreker praat van “visgraatbolle”, omdat ...
   a) die kafees al die visgraatbolle op 'n hoop buite langs die asblik gooi.
   b) hulle die vis van papierborde af eet.
   c) hulle die visgrate in die papier oprol nadat hulle dit klaar geëet het.
6. Met watter een woord in reël 17 sê die spreker dat hy 'n baie groot gebied skoonmaak?
7. Wie is die “ek” in die gedig?
8. Drie van die volgende antwoorde voltooi die volgende sin korrek. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Die skoonmaker voel ...
   a) dat hy ‘n baie verantwoordelike werk het.
   b) die gebied wat hy moet skoonmaak, is heeltemal te groot.
   c) baie tevrede en gelukkig met homself.
   d) hy is net so belangrik soos enige ander persoon.
9. Soek die korrekte Afrikaanse woorde in **KOLOM B** wat by die woorde in **KOLOM A** pas:

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. oek | A. soos |
| 2. important | B. maak die |
| 3. gespendit | C. belangrik |
| 4. bananaskille | D. bottels |
| 5. innie | E. ook |
| 6. bustikkets | F. spandeer het |
| 7. soes | G. piesangskille |
| 8. cool drinks | H. in die |
| 9. borrels | I. buskaartjies |
| 10. maakie | J. koeldranke |

Kopiereg voorbehou

10. Hoekom is "rondgegooi" in reël 15 met groter spasies tussen die letters geskryf?
11. Uit hoeveel sinne bestaan die gedig?
12. Watter versreël dink jy, is die heel belangrikste in die gedig?
    Hoe word hierdie reël beklemtoon?
13. Wat is die tema van die gedig?

## Skryf en aanbied

### Skryf

'n Kort transaksionele teks (lengte: 50 – 80 woorde)

Jy wil graag deeltydse werk doen om ekstra sakgeld te verdien. Jy stel belang in een van die volgende kleinadvertensies wat jy in die koerant gelees het:

| KELNER | Of | KINDEROPPASSER |
|---|---|---|
| Benodig vir restaurant in Rustenburg. Smiddae en saans. Ondervinding. Eie vervoer verlang.<br>Skakel Sipho (014) 4451100 | | Benodig vir twee seuns (4j./6j.) tydens vakansies. Moet verantwoordelik wees. Verkieslik 16 jaar of ouer.<br>Mev. Philips (012) 542 8431 |

Die persoon wat jy skakel, is nie beskikbaar nie en jy laat '**n boodskap op die antwoordmasjien**. Skryf nou die kort boodskap neer.

**Beplan die boodskap.**

- Gebruik 'n woordeboek as jy met woorde se betekenisse sukkel.

**Skryf jou boodskap**

**Verbeter jou skryfstuk**

**Taal in konteks**

**Telwoorde**

Leer die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 - een | 1ste - eerste | 21 - een-en-twintig / een en twintig | |
| 2 - twee | 2e - tweede | 22 - twee-en-twintig / twee en twintig | |
| 3 - drie | 3e - derde | 30 - dertig | 30e - dertigste |
| 4 - vier | 4e - vierde | 40 - veertig | 40e - veertigste |
| 5 - vyf | 5e - vyfde | 50 - vyftig | 50e - vyftigste |
| 6 - ses | 6e - sesde | 60 - sestig | 60e - sestigste |
| 7 - sewe | 7e - sewende | 70 - sewentig | 70e - sewentigste |
| 8 - agt | 8ste - agtste | 80 - tagtig | 80e - tagtigste |
| 9 - nege | 9e - negende | 90 - negentig | 90e - negentigste |
| 10 - tien | 10e - tiende | 100 - honderd | 100e - honderdste |
| 11 - elf | 11e - elfde | 200 - tweehonderd / twee honderd | |
| 12 - twaalf | 12e - twaalfde | (een woord) | |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 13 - dertien | 13e - dertiende | 1000 - duisend 1000e - duisendste |
| 14 - veertien | 14e - veertiende | 2000 - tweeduisend (een woord) |
| 15 - vyftien | 15e - vyftiende | 1999 - negentienhonderd nege-en-negentig |
| 16 - sestien | 16e - sestiende | 2012 - tweeduisend-en-twaalf |
| 17 - sewentien | 17e - sewentiende | 625 - seshonderd vyf-en-twintig |
| 18 - agtien | 18e - agtiende | 1 000 000 - miljoen |
| 19 - negentien | 19e - negentiende | 1 000 000e - miljoenste |
| 20 - twintig | 20e - twintigste | |

**Oefening 6**

**Telwoorde**

Skryf die getal in elke sin in woorde:

1. 'n Mens studeer **7** jaar om 'n dokter te word.
2. Ek gaan die **1ste** dokter in ons familie wees.
3. Die kelner verdien **R450** per dag.
4. Om 'n vlieënier te word, mag jy nie ouer as **25** jaar wees nie.
5. Hy gaan die a) **30e** Augustus b) **2012** vir 'n onderhoud vir 'n nuwe werk.

**Oefening 7**

**Ontkenning**

Skryf die sinne in die **ontkenning**.

1. Ek trek altyd netjies vir 'n onderhoud aan.
2. Jy moet jou sertifikate in 'n lêer saamneem.
3. Hy het al vir 'n onderhoud gegaan.
4. Groet met 'n ferm handdruk.
5. Sy lyk baie senuweeagtig.

**Speel 'n speletjie!**

**Skote Petoors**

Elkeen kies 'n werk wat hy/sy graag wil doen. Die res van die klas moet raai wat die werk is. Hulle doen dit deur vir die persoon vrae te vra, maar hy/sy mag net "ja" of "nee" antwoord. As hulle reg raai, sê ons "Skote Petoors!"

**Julle kan die volgende vrae vra:**

- Werk jy binne of buite die huis?
- Is jy opgelei vir jou werk?
- Is jy by 'n universiteit opgelei? Is jy by 'n technikon opgelei? Het jy indiensopleiding (*in-service training*) gekry?
- Werk jy met jou hande? Werk jy by 'n lessenaar? Moet jy baie praat?
- Werk jy saam met ander mense? Is jy deel van 'n span? Werk jy alleen?
- Werk jy skofte? Werk jy die hele dag? Werk jy in die nag?
- Is jy in die boubedryf (*building industry*)? Is jy in die landboubedryf (*agriculture*)? Toerismebedryf (*tourism*)? Inligtingsbedryf (*information*)? Tegnologiebedryf (*technology*)?

Kopiereg voorbehou

- Is jy 'n entrepreneur? Het jy 'n kleinsakeonderneming (*small business*)?
- Vervaardig jy goed? Verwerk jy produkte? Verkoop jy produkte?

[Uit: *Afrikaans is Lekker*]

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 12: Van Khoisan tot Kwaito

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * ’n groepbespreking oor 'n leesstuk hou.<br>* voorbereide hardoplees vir informele assessering doen. |
| Lees en kyk | * ’n literêre teks vir waardering en begrip lees. |
| Skryf en aanbied | * ’n verhalende opstel skryf.<br>* taalstrukture en taalkenmerke van ’n skryfstuk in ag neem.<br>* taalfoute uit skryfstukke verbeter. |
| Taalstrukture en -konvensies | * die betekenis van woorde in 'n woordeboek opsoek.<br>* deeltekengebruik by spelling doen.<br>* homonieme en homofone bestudeer.<br>* tussenwerpsels inoefen.<br>* werkwoorde gebruik.<br>* lydende en bedrywende vorm gebruik.<br>* idiome en idiomatiese taal identifiseer.<br>* hersiening doen van die tye van die werkwoord. |

## Luister en praat

Deur die eeue heen is MUSIEK gebruik om vreugde en plesier uit te druk. Dit het deel gevorm van volkere se kulture.

Volgens geskiedskrywing (*historical research*) is die San-mense die eerste inwoners van Suid-Afrika. Die verhaaltjie wat ons nou gaan lees, gaan oor die rede waarom 'n San-pa 'n rotstekening van sy seun gemaak het. (Kyk na die prent op die volgende bladsy).

Volgens die verhaal het MUSIEK ook 'n groot rol in die tradisies van die San-mense gespeel.

**Luister eers na die voorlesing van die eerste deel van die verhaal.**

Bespreek nou die verskillende aspekte van die San se leefwyse in julle groepe. Gee aandag aan die volgende: eetgewoontes; woongebied en beskikbaarheid van water; jagwyses en wat hulle gejag het; gaarmaakmetodes van kos; die rol van musiek (sang en dans); vroue se versierings; opleiding van die jong seuns; die sosiale struktuur binne groepe en hul verhouding met die natuur.

Kopiereg voorbehou

## Xixau Xwii se verhaaltjie (1)




[Uit: *Afrikaans-is-Lekker-verhale 2010*]

Eendag, so driehonderd jaar gelede, het Xixau Xwii se ma gesê: “Steek jou tong net effentjies uit, Xixau.” Toe sit sy die punt van ‘n hol rietjie op sy tong en laat een druppeltjie water uit die rietjie op sy tong drup.

“Dit is vir jou, my kind,” het sy ma gesê.

Xixau Xwii het die waterdruppel geproe en hy het die smaak daarvan liefgehad. Dit was lekkerder as veldbessiesap, lekkerder as koedoevleis.

Xixau se ma het ver in die droë land vir hom 'n druppel water gaan soek. Sy het dit in die hol rietjie vir hom gebring, al was sy self so dors. Toe het Xixau Xwii geweet dat hy sy ma liefhet, liewer as die klein volstruisies, liewer as die warm vuur in die nag.

Toe Xixau Xwii nog maar net drie jaar oud was, het sy pa eendag ‘n groot koedoe met sy gifpyl geskiet. Die koedoe het tussen die doringbome in gehardloop met die gifpyl in sy vel. Xixau Xwii se pa het die koedoe se spoor gesoek. Toe hy dit kry, het hy en sy broer al op die spoor begin hardloop.

Daar was sterk gif aan die pylpunt: ‘n bietjie slanggif, 'n bietjie plantgif en 'n bietjie gif wat Xixau Xwii se pa uit die larwes van gifkewers gedruk het. Die koedoe sou sommer gou bly lê. Xixau Xwii se ma het solank hout bymekaargemaak.

Xixau Xwii se sussies het gesing:

Kopiereg voorbehou

*Ons pa is 'n jagter, hy bekruip 'n bok;*

*Al die vroue gaan soek vuurmaakhout.*

*Xixau Xwii, bring die vuurmaakstok!*

*Ons mage skree en die wind waai koud.*

*As die sterre uitkom, gaan ons eet en dans en sing*

*Oor die vleis wat ons dapper pa huis toe bring.*

Toe Xixau Xwii se pa en sy broer met groot stukke koedoevleis aan ‘n lang stok terugkom, het almal hande geklap en gesing. Al Xixau Xwii se maats, al hulle ma’s en al hulle pa’s het na die vuur gekom wat Xixau Xwii se ma gemaak het. Almal het gekom om te kom sing en eet en dans.

Xixau Xwii het styf teen sy ma gesit en geëet en geëet. Sy ma se oë het geblink en sy het gesing en gesing. Sy ma se gesig was vir Xixau Xwii so mooi. Hy het haar wange gestreel. Hy het met sy vingers aan die volstruiseierdopkraletjies in haar hare en om haar nek gevat.

“Mamma,” het Xixau Xwii gevra, “is bokvleis vir jou lekkerder as luislangvleis?”

“Dis lekkerder as luislangvleis en lekkerder as gebraaide sprinkane,” het sy gesê.

“En is bokvleis vir jou lekkerder as haasvleis, Mamma?” het Xixau Xwii daardie nag toe hy maar net drie jaar oud was, gevra.

“Dis lekkerder as haasvleis en ystervarkvleis!”

Toe het Xixau Xwii vir haar gesê: “Eendag as ek groot is, sal ek vir jou ‘n groot bok skiet, Mamma.” Sy ma het hom teen haar vasgedruk en gesê: “Ek weet jy sal. Jy gaan nog leer om jou pyle en jou klein bogie reg te hou.”

**WOORDESKAT** *(Soek ook self die woordbetekenisse in ‘n woordeboek)*

slanggif: 'n slang se gif (*snake poison)*

gifkewers: giftige insek met vlerke soos skilde (*poison beetle)*

gestreel: liefkoos (*caress)*

volstruiseierdopkraletjies : klein kraletjies van die doppe van volstruiseiers (*small egg shell bead*s)

luislangvleis: die vleis van ‘n groot slang (*python meat*)

pyl en bogie: wapen waarmee geskiet word (*bow and arrow*)

Kopiereg voorbehou

## Lees en kyk

### Hardoplees

### Formele assesseringstaak: Taak 8

Luister nou na die voorlesing van die tweede deel van die verhaaltjie. Daarna gaan julle voorberei om dit self hardop vir punte te lees.

Die vereistes vir voorbereide hardoplees is die volgende:

- Lees vlot en aandagtig.
- Spreek die woorde korrek uit.
- Gebruik die korrekte toon en tempo.
- Behou oogkontak en gee aandag aan die regte liggaamshouding.
- Lees hoorbaar.

## Xixau Xwii se verhaaltjie (2)

Sy pa het hom geleer dat ‘n mens die gif agter aan die pylpunt smeer. Maar toe gebeur daar iets. Die oggend toe Xixau Xwii sy nuwe pylkoker vol nuwe pyle met sterk gif pak, hoor hy sy ma skree. Sy staan by ‘n boomstam en sy skud ‘n swart spinnekop met ‘n rooi kol op sy rug van haar vinger af.

“Eina!” skree sy ma. Xixau Xwii se oë het gerek. Dit is ‘n giftige spinnekop, dit het almal geweet.  As daardie soort spinnekop jou aan die vinger byt, het almal geweet, moet ‘n mens jou vinger met ‘n riempie vasbind. Jy moet keer dat die spinnekop se gif nie na jou lyf en na jou kop gaan nie. Jy moet die bytplek oopsny. Jou vinger moet bloei. En agterna moet jy die warm pensmis van ‘n gemsbok op jou hand en arm sit.

Maar al die groot manne wat gemsbokke kon skiet, was veld toe.

“Bind ‘n riempie om Ma se vinger!” het Xixau Xwii vir sy susters geskree. “Ek gaan ‘n gemsbok skiet. Ek gaan vir Ma ‘n gemsbok se warm pensmis haal.”

Hy bind ‘n paar riempies om sy lyf. En hy begin hardloop, vinniger as die wind.  Hy hardloop oor die rantjies en oor die bossies, oor die klippe en oor die sand na die droë watergat. Vroeg in die oggend is daar soms gemsbokke naby daardie watergat.

Wat maak so? Naby hom het daar ‘n takkie gekraak. Xixau Xwii kyk rond. Tien tree van hom af staan daar ‘n gemsbok!

Hy trek die pyl met die meeste gif uit sy pylkoker. Versigtig span hy sy boog. In sy hart praat hy met die god wat alles gemaak het. Hy praat met Kagn.

Kopiereg voorbehou

“Laat die pyl tog reg trek, Groot God!” Xixau Xwii trek die boogsnaar styf en skiet. *Twiennng!* trek die pyl. Dit is raak! Die pylpunt sit in die gemsbok se nekvel vas. Die gemsbok begin hardloop.

“Ek gaan jou nie uitlos nie, gemsbok,” dink Xixau Xwii. “Al hardloop jy die hele dag voordat jy neerslaan, ek gaan by jou bly. My ma het jou pensmis nodig.” En hy begin hardloop.

Xixau Xwii hardloop ure lank. Sy voetsole bars van die dorings en die skerp klippe. Maar hy hardloop soos ‘n tier wat naby die bok bly.

Toe die son heel bo in die lug gaan staan, slaan die gemsbok neer. Xixau Xwii sny die pylpunt met die gif met sy klipmessie uit sy vel, net soos wat die groot jagters doen. Met die klipmessie sny hy die gemsbok oop. Hy ken die grootpens en die kleinpens, want gemsbokke het twee pense. Die warm, nat mis is in die swaar grootpens.

Hy sny die grootpens los en sleep dit uit. Dit is so swaar soos ‘n groot skilpad, maar so glad soos ‘n nat padda. Hy sny dit oop. Die water binne-in loop in die sand uit.

“Ag, nee, Ag, nee!” sê Xixau Xwii. Hy krap die gras uit die grootpens, maar aan die warm, sagte pensmis raak hy nie. Hy bind die pens met die nat pensmis daarin met ‘n riempie toe en draai die riem in elke soort lus wat hy ken om die pens. Hy vat die twee punte van die riem vas en gooi die pens soos ‘n rugsak op sy rug. Hy dra die lewe vir sy ma in die swaar pens op sy rug.

Daar is ‘n veldvrug in sy keel en klippe in sy hart. As ‘n San-seun sy eerste bok skiet, is dit mos ‘n groot ding. Omdat hy die bok net daar moet laat lê, sal die groot ding nie met hòm gebeur nie. Hy het net die grootpens en die pensmis. Die hiënas sal die vleis vir hulle vat.

Toe hy by sy ma kom, lê sy doodstil in die grashut. Sy susters se gesigte is vaal; daar is dood in die lug.

Xixau Xwii haal die grootpens van sy rug af en krap van die pensmis op die bytplek uit. Hy vou die leë pens oor sy ma se hand en arm. “Gaan grawe die volstruiseier met die water uit die sand,” raas hy met sy susters. “Bring die hol riet en drup water op haar tong!”

Hulle maak so. Toe hulle die water op haar tong drup, maak sy ma haar oë oop. “Wat is dit wat my so beter maak?” vra sy.

[Verwerk uit*: Afrikaans-is-lekker-verhale*]

Kopiereg voorbehou

**WOORDESKAT**( *Soek ook self die woordbetekenisse in 'n woordeboek):*

riempie: dun en smal strook leer (*leather thong)*

pensmis: warm mis uit 'n bok se pens (*the warm dung in the bowel of a buck)*

takkie gekraak: die geluid wat 'n tak maak wanneer dit breek (*the creaking of a twig that breaks)*

bloei: wanneer bloed vloei (*to bleed*)

oopsny: (*cut open*)

jagters: mense wat gaan jag (*hunters*)

## Skryf en aanbied

### Formele assesseringstaak: Taak 9

Lees weer die tweede deel van die verhaaltjie van Xixau Xwii, waarin vertel word hoe dapper hy was en wat hy gedoen het om sy ma se lewe te red.

Skryf nou 'n **verhalende opstel** met die opskrif: XIXAU XWII SE DAPPER DAAD.

Onthou:

- Die lengte van die verhalende opstel is 150 – 180 woorde.
- Beplan jou opstel, bv. met 'n kopkaart. Skryf dit dan rofweg.
- Hou by die korrekte formaat en taalkenmerke.
- Verbeter jou skryfstuk en skryf dit netjies oor voordat jy dit indien.

## Taal in konteks

### Tussenwerpsels

In die verhaaltjie skree Xixau Xwii se ma: "**Eina!**" Dit dui op 'n gevoel van pyn.

Xixau Xwii roep uit: "**Ag, nee, Ag, nee!**' toe hy die gras uit die grootpens krap om te wys hy voel ontevrede daaroor.

**Oefening 1**

Voltooi die volgende sinne deur die korrekte **uitroep** (tussenwerpsel) in te vul.

| |
|---|
| Kies telkens een van die volgende:<br><br>**Hiert Sjuut Sjoe Hoera Foei tog Ai Sies** |

(a) __________! Die ou seuntjie het op sy mondjie geval.

(b) __________ ! Hoe laat so 'n padda my skrik.

(c) __________ ! Dis warm vandag.

(d) __________ ! Dis vuil hier.

(e) __________ ! Hoekom moes dit nou vandag gebeur?

(f) __________ ! Moenie so hard praat nie.

(g) __________ ! Môre sluit die skool.

**Homonieme**

*Hy draai die riempie in elke soort **lus** wat hy ken om die pens.*

In hierdie sin beteken "lus" 'n oogvormige knoop.

*Hy is **lus** vir bokvleis* beteken egter dat hy dit graag wil eet.

Woorde wat eenders gespel word, maar verskillende betekenisse het, noem ons **homonieme.**

Net so is "leer" (om mee op te klim) en "leer" (gelooide vel) homonieme.

**Oefening 2**

Gebruik die woorde hieronder in TWEE verskillende sinne, sodat die verskil in betekenis duidelik is. Gebruik die woordeboek as jy sukkel.

(a) pas

(b) sak

(c) val

Kopiereg voorbehou

**Homofone:** Dit is woorde wat dieselfde klink as dit uitgespreek word, maar nie dieselfde gespel word nie en ook nie dieselfde beteken nie.

Voorbeeld: reis – Ons reis Kaap toe. **En** rys – Ons eet rys saam met vleis.

**Oefening 3**

Lees die volgende sinne en kies telkens die korrekte woord.

(a) Ek gaan (hael/haal) die trekker in die skuur. Koring en mielies word dikwels deur (haal/hael) verniel.

(b) Die boer sê: "Ek het (my/Mei) bestelling vir kunsmis reeds die tiende (Mei/my) geplaas."

(c) Die beeste is baie (maar/maer), (maer/maar) daar is niks wat ek daaraan kan doen nie.

**Idiomatiese taal**

In die leesstuk staan daar: *Hy begin hardloop, vinniger as die* wind. Dit is 'n **idiomatiese uitdrukking** en beteken dat hy baie vinnig gehardloop het.

**Oefening 4**

Hier volg 'n aantal idiome met verklarings. Skryf dit oor en pas die korrekte verklaring by elke idioom.

| IDIOOM | VERKLARING |
|---|---|
| Nie op sy mond geval nie. | A. Die kind aard na sy ouers. |
| Met die kous oor die kop. | B. Ons het vinnig weggehardloop. |
| Op eie houtjie doen. | C. 'n Mens moet dinge dadelik doen. |
| Nie gras onder jou voete laat groei nie. | D. Jy moet iets sonder hulp doen. |
| Die hasepad gekies. | E. As verloorder terugkom. |
| Die appel val nie ver van die boom nie. | F. Hy is altyd gereed met 'n antwoord. |

## Xixau Xwii se verhaaltjie (3)

Lees Deel 3 van die verhaaltjie en beantwoord die vrae.

Die middag, toe die jagters net met 'n luislang oor 'n stok huis toe kom, loop Xixau Xwii se ma al weer skuifelend naby die staning rond. "En waar kom dié gemsbokpens vandaan?" vra Xixau Xwii se pa dadelik.

Xixau Xwii se pa kyk in al die seuns se pylkokers. Daar is nie een pyl weg nie. Heel laaste kyk hy in Xixau Xwii se pylkoker. Daar is een pyl weg.

"Dit was jý?" sê Xixau Xwii se pa.

Kopiereg voorbehou

“Nee, ek het niks geskiet nie,” speel Xixau Xwii die speletjie wat al die seuns speel as hulle hul eerste bok geskiet het. Maar toe gooi Xixau Xwii se pa al klaar ‘n springbokvel op die grond.

“Sit daar, Xixau Xwii,” sê hy. “Ons gaan jou spore volg. Jy mag nie een keer opstaan van daardie springbokvel af voordat ons terugkom nie! Dit is jou straf omdat jy speletjies met die groot jagters speel.”

Maar hoe langer sy pa-hulle wegbly, hoe benouder word hy. Sê nou sy pa-hulle kry net bene waar die gemsbok was?

Toe die son net-net wil ondergaan, kom sy pa en sy pa se broer en al die ander groot jagters terug. Hulle dra stukke gemsbokvleis aan ‘n lang stok.

Xixau Xwii se pa druk gemsbokspore met ‘n gemsbokpoot in die sand, al rondom die vel waarop Xixau Xwii sit. Die musikante bring hul mbiras. Die oudste oupa gaan haal sy klein honkietonk met een snaar wat van wildebeesstert gemaak is. Die jong manne wat musiek op die ghong-rotse maak, gaan sit langs die rotse.

“Nou!” roep Xixau Xwii se ma.

Die jong manne slaan met klippe op die ghong-rotse en dit klink asof daar diepstemklokke in die veld lui. Die musikante met die mbiras en die oupa met die wildebeesstert-honkietonk begin speel.

En toe dans almal, want Xixau Xwii het sy eerste gemsbok geskiet.

Die volgende oggend het Xixau Xwii se pa ‘n prent teen ‘n rots uitgekap omdat hy nou ook ‘n groot jagter geword het. So het Xixau Xwii as die “Klipseun” bekend geword.

[Verwerk uit: *Afrikaans-is-lekker-verhale*]

**WOORDESKAT**( *Soek ook self die woordbetekenisse in ‘n woordeboek):*

staning: tydelike blyplek wat opgeslaan is *(temporary dwelling)*

benouder: banger word *(get more anxious)*

kniediep: groot probleem hê *(to have severe problems)*

ghong-rotse: rotse wat weerklink wanneer daarop geslaan word (*rocks that echo when struck)*

stertrieme: velletjies oor die geslagsdele *(loinskins)*

mbira: ou musiekinstrument *(musical instrument)*

diepstemklokke: die geluid van die klippe op die ghong-rotse klink soos harde stemme wat soos klokke lui

Kopiereg voorbehou

## Lees en kyk

### Oefening 5

Beantwoord die volgende vrae.

1. Hoe het die pa uitgevind dat Xixau die bok geskiet het?
2. Wat moes Xixau Xwii doen omdat hy "speletjies met die groot jagters" gespeel het?
3. Hoekom was Xixau Xwii benoud terwyl hy wag? Haal een sin aan.
4. Wanneer het die jagters teruggekom?
5. Het hulle bewyse saamgebring van die bok wat geskiet is? Haal een sin aan om jou antwoord te motiveer.
6. Watter tradisionele ritueel het Xixau Xwii se pa uitgevoer?
7. Met watter DRIE instrumente het hulle musiek gemaak?
8. Waaroor het die fees gegaan?
9. Hoekom word Xixau Xwii die "Klipseun" genoem?

## Taal in konteks

Lees die teks oor **KWAITO-MUSIEK IN SUID-AFRIKA**.

In teenstelling met die verhaaltjie oor die <u>oeroue</u> San-kultuur, gaan hierdie teks oor die musiek wat algemeen is in die <u>moderne</u> samelewing in ons land en 'n samestelling is van verskeie musieksoorte.

Kwaito vorm die middelpunt van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse jeug se kultuur; amper soos "hip hop" in Amerika. Kwaito is eintlik 'n manier van lewe en beïnvloed jou kleredrag, taalgebruik en danswyse. Kwaito "praat" oor die lewe in die woonbuurtes (*townships*). Dit vorm die ritme in die harte van mense.

Dit het sy oorsprong in Johannesburg gehad, maar kan deesdae regdeur die hele land gehoor word in nagklubs, deur oorverdowende taxiluidsprekers, in winkels, oor die radio en in die strate.

Maar wat is Kwaito? Dit is uniek aan Suid-Afrika en kan beskryf word as 'n samestelling van disko-musiek, hip hop, R&B, internasionale "house"-musiek en plaaslike Reggae. Stemme word bygevoeg, die musiek is gewoonlik teen 'n stadige tempo en met 'n Afrika-maatslag. Dit is die tipe musiek wat jou voete laat beweeg. Die lirieke is baie keer 'n mengsel van die tale in Suid-Afrika. Die naam "Kwaito" kom van die Afrikaanse woord "kwaai", wat 'n slêngwoord is om uit te druk dat iets goed of wonderlik is.

Kopiereg voorbehou

Kwaito het in die 1990’s in Johannesburg begin, toe ‘n groep musikante besluit het om internasionale klanke met hulle plaaslike werk te vermeng wanneer hulle in Suid-Afrika optree.

Leiers in die ontwikkeling van Kwaito was Arthur Mafokate, Mdu Masilela, Oskido en Makhendlasi. Baie van die liedjies word geskryf om die onderdrukking van swart mense in Suid-Afrika en die swak toestande in die woonbuurtes te weerspieël.

In die laat 90’s en vroeë 2000 het die gewildheid van Kwaito soos ‘n veldbrand versprei, selfs na lande soos die VSA en Europa. Die ouer mense het baie gekla oor die soort lirieke, asook die sensuele vorm van dans wat gepaard gaan met die musiek. Maar ten spyte hiervan het die jeug van Suid-Afrika Kwaito met ope arms verwelkom. Welbekende Kwaito-kunstenaars is Mandoza, Zola, Brown Dash, Chippa, Unathi, Mahoota, Mzambiya, Spikiri en vele andere.

Kwaito word stelselmatig deel van die kultuur en geskiedenis van Suid-Afrika. Die unieke klanke van hierdie musiek het ‘n tendens begin wat oor verskillende agtergronde en rasse heen onder die land se jeug versprei.

KWAITO IS TROTS SUID-AFRIKAANS!

[Verwerk uit*: South Africa.com se webwerf*]



[Uit: *Afrikaans is Lekker*]

## Taal in konteks

### Spelling: deelteken

(a) Die deelteken word gebruik om seker te maak ons <u>spreek die woorde korrek uit</u>, bv.:

Kopiereg voorbehou

beïnvloed = be-ïn-vloed
weerspieël = weer-spie-ël
vroeë = vroe-ë

(b) Dit word gebruik om die uitspraak en betekenis van woorde duidelik te maak, bv. die verskil tussen: v**oe**l en v**oë**l of h**oe** en h**oë** of l**ee**r en l**eë**r ('n groep soldate met hul wapens).

**Oefening 6**

Skryf die sinne oor en vul die ontbrekende **deeltekens** in die onderstreepte woorde in.

1. Die mense wat die dokter besoek as hulle siek is, is sy pasiente.
2. In die somer is daar baie vliee in die kombuis.
3. Hy is baie vaak en kan nie sy oe oophou nie.
4. My kniee is lam van al die trappe wat ek in die hoe gebou moes klim.

**Oefening 7**

A. Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd**:

1. Kwaito is basies 'n manier van lewe en beïnvloed kleredrag, taalgebruik en dans.
2. Dit kan beskryf word as 'n samestelling van disko-musiek, hip-hop en R&B.
3. Dit word in Suid-Afrika gebruik om iets goeds uit te druk.

B. Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

Begin met die onderstreepte woord(e)

1. Die jeug van Suid-Afrika het Kwaito met ope arms verwelkom.
2. Op die maat van polsende Kwaito-ritmes gaan hulle die wêreld verander.
3. Die Synergy-groep het twee CD's in Benoni opgeneem.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 13: Die Rekenaar (*Computer*)



In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * na 'n eenbedryf luister.<br>* bewys dat jy die eenbedryf verstaan. |
| Lees en kyk | * 'n gedig vir waardering lees.<br>* begrip van die gedig toon. |
| Skryf en aanbied | * twee paragrawe skryf.<br>* foute uit 'n skryfstuk verbeter. |
| Taalstrukture en -konvensies | * woordeskat uitbrei.<br>* korrek leer spel.<br>* krities na taalgebruik kyk.<br>* taalfoute verbeter. |

## Luister en praat



Luister na die eenbedryf, **Ou Grootoor,** deur Sarie Combrink
[Uit: *Lees is 'n Fees* ]

**Oefening 1:**

1. Het jy die eenbedryf geniet?
2. Vertel wat jy daarvan kan onthou.
3. Noem die naam van een van die karakters. Wat het die karakter gedoen?
4. Waar speel die eenbedryf af?
5. Dink jy dit is reg om (met) 'n ander persoon te spot (*to mock another person*)? Motiveer jou antwoord.

Kopiereg voorbehou

## Lees en Kyk

Lees die gedig (*poem*) “Gesprek met ’n komper” deur Jeanne Goosen uit *Pret met Poësie*.

### Voor jy lees

- Wat is ’n komper?
- Hoe praat ’n mens met ’n komper (*computer*)?



### Gesprek met ’n komper

KLANT: dag
KOMPER: goeiedag
watter diens verlang u
een bakker twee geneesheer
drie reisagent vier kruidenier
vyf slagter ses melkery
KLANT: nommer vier asseblief
KOMPER: kruidenier tot u diens
verlang u
sewe kruideniersware agt klerasie
nege toiletware tien groente
KLANT: nommer sewe
KOMPER: dankie
’n lys van u benodigdhede asseblief
KLANT: een pak post toasties een bottel asyn
twee blikkies sardyne een blik gebakte bone
KOMPER: is dit al?
KLANT: ja
KOMPER: dankie
ek twyfel oor die volgende:
’n groot of klein pak post toasties
KLANT: groot
KOMPER: dankie

Kopiereg voorbehou

ek verstaan nie sardyne nie
is dit korrek
en verkrygbaar van die kruidenier
KLANT: sardientjies
KOMPER: dankie
u bestelling lui soos volg:
een groot pak post toasties een bottel asyn
twee blikkies sardientjies een blik gebakte bone
totaal: een rand en tien sent
die bedrag is minder as vyf rand
dus kan ons nie aflewer nie
wanneer kan u die goedere kom afhaal
KLANT: om 13h00
KOMPER: u bestelling sal om 13h00 gereed wees
is daar nog iets
KLANT: ek voel verskriklik bedruk
KOMPER: ek verstaan nie verskriklik bedruk nie
is dit korrek
en verkrygbaar van die kruidenier
KLANT: nommer twee asseblief
KOMPER: geneesheer tot u diens
wat makeer
hmmmmmm?

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| Bakker | *baker (of bread)* |
| geneesheer | *doctor* |
| reisagent | *travel agent* |
| kruidenier | *grocer (sell groceries)* |
| slagter | *butcher* |
| gebakte | *baked (beans)* |
| melkery | *dairy* |
| klerasie | *clothes* |
| verkrygbaar | *obtainable* |
| aflewer | *deliver* |
| goedere | *goods* |
| bedruk | *depressed* |
| sardyne/sardientjies | *sardines* |

Kopiereg voorbehou

**Terwyl jy lees**

- Lees die gedig saam met die onderwyser deur.
- Maak seker dat jy al die woorde verstaan.
- Lees ook die vrae deur.

**Nadat jy gelees het**

Beantwoord die volgende vrae skriftelik.

**Oefening 2**

1. Watter diens (*service*) het die klant (*client*) gevra?
2. Wat het die klant bestel?
3. Hoeveel het die bestelling gekos?
4. Hoe laat moes die bestelling afgehaal word?
5. By wie wou die klant nog 'n afspraak maak?




6. Die bank se komper het jou bankkaart ingesluk (*swallowed*). Skryf nou jou eie dialoog met die bank se komper en vra dat die komper jou bankkaart (*bank card*) teruggee.

**Skryf en aanbied**



Kopiereg voorbehou

## Skryf en aanbied

Jou skool het ’n rekenaar as ’n geskenk ontvang. Dit was ’n spesiale dag vir julle almal. Skryf twee paragrawe en vertel wat alles op daardie dag gebeur het.

### Voor jy skryf

Maak ’n lysie van die woorde wat jy gaan gebruik, bv. rekenaar, skool, geskenk, oorhandig en skenker (*donor*). Voltooi nou die lysie met jou eie woorde.

### Beplan jou skryfstuk

- Skryf die paragrawe eers as rofwerk (*rough work*).
- Die eerste sin moet interessant wees en die leser se aandag trek.
- Gebruik die woorde in jou lysie.
- Maak seker die sinne is reg gebou (*construction of sentences correct*).
- Moenie verkeerd spel nie.
- Maak seker jy skryf TWEE paragrawe.

### Verbeter jou skryfstuk

- Maak die spelfoute reg.
- Maak die sinne reg (*correct the sentences*).
- Skryf nou die paragrawe netjies oor (*the final product*).

## Taal in konteks

Lees eers die volgende stuk baie goed deur.

### Die mooi rekenaarindringer (*computer hacker*)

[*A computer hacker uses his/her own computer to get into another computer and by doing so they can steal money or read confidential information*]



Angie Louw is ’n pragtige, jong meisie. Sy is baie intelligent en baie vaardig (*skilled*) met ’n rekenaar (*computer*). Angie leef baie goed en het baie geld. Sy maak al hierdie geld as ’n rekenaarindringer (*computer hacker*).

Op ’n dag gaan sy by ’n groot maatskappy (*company*) se rekenaars in en sien toe dat hulle nie sulke goeie mense is nie. Hulle bedrieg (*cheat*) ander mense en gebruik die

Kopiereg voorbehou

geld wat hulle maak om misdaad te pleeg (*to commit crime*).

Die maatskappy het agtergekom dat iemand op hulle rekenaarnetwerk (*computer network*) ingegaan het en toe begin hulle na die indringer (*hacker*) soek (*seek*).

Angie moes vir haar lewe vlug (*flee*). Toe besluit sy om na die polisie te gaan en vir hulle alles te vertel. Sy het ook verduidelik (*explain*) hoe sy uitgevind het van die maatskappy se misdaad (*crime*).



Die polisie het die saak ondersoek (*investigate*) en die bestuur (*management*) van die maatskappy is in hegtenis geneem (*arrested*).

Angie, wat ook ’n misdaad gepleeg het (*committed a crime*), het net ’n opgeskorte vonnis (*suspended sentence*) gekry, omdat sy die polisie gehelp het om die boewe (*criminals*) in hegtenis te neem (*arrested*).

Angie werk nou vir ’n bekende (*known*) rekenaarmaatskappy (*computer company*) en verdien eerlik (*honest*) ’n baie goeie salaris (*salary*). Sy weet nou dat dit nie betaal om oneerlik te wees nie (*crime does not pay*).

Doen nou die onderstaande oefening.

**Oefening 3**

**Gee die Afrikaans vir die volgende woorde**

| Engels | Afrikaans |
|---|---|
| 1. skilled | |
| 2. computer | |
| 3. company | |
| 4. crime | |
| 5. hacker | |
| 6. investigate | |
| 7. flee | |
| 8. sentence (a criminal) | |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| 9. honest | |
| 10. salary | |

**Oefening 4**

**Kies die korrekte woord of skryf die korrekte vorm van die woorde tussen hakies neer.**

Baie (1. dag) werk Angie vir een van die (2. groot) maatskappye. Die twee (3. mens) is oneerlik en hulle weet (4. sy/hy/haar) weet (5. van dit). Angie werk (6. hard) as die ander mense.

Angie het 'n klein (7. blik) op haar tafel waarin sy haar drie (8. pen) hou. Haar rekenaar staan langs die muur op (9. haar/sy) tafel.

Gister (10.werk) Angie baie hard, want (11. hy/sy) wou (12. vroeg) huis toe gaan as die vorige dag.

**Oefening 5**

**Voltooi die volgende opdrag deur die instruksies te volg.**

| | |
|---|---|
| Angie is die (1.mooi) rekenaarindringer. Sy het groot (2.skrik) vir die boewe wat haar wou vang. Sy het haar aan die polisie oorgegee, (3.want/omdat) sy was bang hulle maak haar dood. Sy (4.help) toe die polisie om die slegte boewe te vang.<br>Sy was (5.baie bang). Hierdie boewe is van 'n (6.bekend) maatskappy. | 1. Skryf die regte vorm van <u>mooi</u>.<br>2. Skryf die regte vorm van die woord.<br><br>3. Kies die regte woord.<br>4. Skryf die sin in die verlede tyd.<br><br>5. Gee die intensiewe vorm.<br>6. Skryf die regte vorm van die woord. |

**Oefening 6**

"Angie weet nou dat dit nie betaal om oneerlik te wees nie".

1. Wat beteken dit om oneerlik te wees?

2. Wat sal jy vir 'n maat sê wat oneerlik is?

**Oefening 7**

Verbeter die foute in die leesstuk hieronder. Die leesstuk oor Angie sal jou help om die foute raak te sien.

Angie werk nou op 'n maatskapei en verdien die goed salaris. Sy weet nie of sy is eerlik. Sy gedink sy is die goeie werker. Angie het sy les geleer. Angie is pragtig meisie. Die polisie was dankbaar dat sy het gehelp hulle om te vang die dief.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 14: Natuurdinge

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * na die voorlesing van ’n verhaal (fabel) luister.<br>* vertel van ander dierefabels wat jy ken.<br>* die boodskap van die verhaal bepaal.<br>* vertel wat gebeur het toe ***slim sy baas gevang het.*** |
| Lees en kyk | * 'n gedig vir waardering lees.<br>* vrae oor die teks beantwoord.<br>* nog 'n gedig vir genot lees. |
| Skryf en aanbied | * die kenmerke van 'n dagboekinskrywing leer.<br>* jou eie dagboekinskrywing maak. |
| Taalstrukture en -konvensies | * jou woordeskat uitbrei.<br>* spelreëls behandel.<br>* woordvorming hersien.<br>* meervoude en verkleinwoorde leer.<br>* na die soorte sinne kyk.<br>* direkte en indirekte rede doen.<br>* lydende en bedrywende vorm hersien. |

## Luister en praat

**Voordat jy na die verhaal luister**

a) Hou jy van dierestories?
b) Wat noem ons stories waarin diere as mense uitgebeeld word?
c) Vertel van ‘n dierestorie wat jy al gehoor het.
d) Watter karaktereienskappe assosieer ons met die volgende diere: jakkals, wolf, donkie, leeu?

**Luister na die verhaal “Jakkals red padda se lewe”.** Kyk of jy kan agterkom watter **les** hierdie dierestorie vir ons leer:

**Jakkals red padda se lewe**

Padda was baie ryk. Hy het dertig vrouens gehad. Maar dis nie altyd so maklik om so baie vrouens te hê nie, want hulle pla jou baie. Die een sê: “Ek wil dít hê!”, die ander een sê: “Ek wil dát hê!”

Op ‘n dag sê al dertig vrouens vir Padda: “ Ons is nie meer lief vir jou nie, want jy gee ons nooit iets moois nie. Ander vrouens kry presente, ons kry niks…,” kwaak hulle totdat sy ore moeg word daarvan: “Krale en ringe

en pêrelstringe

en klokkies wat klinge

en baie mooi dinge

kry hulle, maar ons kry niks…”



Kopiereg voorbehou

Padda se kop het later so gedraai van al die gekla dat hy ‘n sak grondboontjies op sy rug laai en vir hulle sê: “Nou goed dan. Ek sal na die mark toe loop om die grondboontjies te verruil vir presente vir julle. Maar dis ver na die mark toe en julle sal ‘n maand sonder my moet klaarkom.”

“Ons sal, ons sal, ons sal,” kwaak die paddavrouens:

“Krale en ringe

en pêrelstringe

en klokkies wat klinge

en baie mooi dinge


dit alles gaan ons kry.”

Padda sug en begin loop. Hy dra baie swaar aan die sak grondboontjies. Hy loop drie dae lank. Op die derde dag sien hy daar lê ‘n swaar boom oor die pad. Toe hy nader kom, hoor hy iemand sê: “O sterk, sterk Padda,

hier sit ek vas,

maak my los

van die boom se bas.”



Padda kyk en hy sien ‘n groot slang onder die boom lê.

“Ek was op pad om my vrou se familie te besoek,” sê Slang, “en toe val hierdie boom op my en ek lê al twintig maande hier vas.

Toe, toe, Padda, kom help my nou.

Sit neer jou sak, en maak tog gou.”

Arme Slang is moedeloos van die lang lê en Padda se hart is goed en hy sit sy sak grondboontjies neer en hy skuif onder die boom in en begin hom opblaas. Hy blaas hom op en hy blaas hom op, en toe hy dink sy maag gaan bars, lig hy die boom en Slang kruip uit.

Padda wil sy sak optel om verder te loop, maar Slang het hom aan sy agterpoot beetgekry.

“Twintig maande honger gely

jy’s net ‘n lekker hap vir my!”

Slang wil met alle geweld vir Padda INSLUK! Maar Padda praat teë en sê: “Hoe dan nou? Ek het jou uit die moeilikheid gehelp en nou wil jy my INSLUK?”

“Na regte moes jy my betaal het

omdat ek jou onder die boom uitgehaal het.

Kopiereg voorbehou

Nou is jy los en ek is jou kos? A nee a!”

Terwyl hulle stry, kom Rooibok daar aan. “Rooibok!” roep Padda, wat nie kan loskom nie, want Slang het hom nog aan die been beet. “Rooibok, kom besluit jy wie is reg, Slang of ek.” En hy vertel vir hom die hele storie. Rooibok het mooi geluister, maar hy is bang. Hy dink: Padda is klein, aan my kan hy niks doen nie. Maar Slang is groot.

Sê ek: “Padda moet los,” sluk Slang mý in vir kos!

Toe sê Rooibok: “Nee, Slang is reg, want almal weet, wie honger is, moet eet.”

Maar Padda praat teë: “Dis net omdat jy bang is vir Slang dat jy sê hy is reg.”

Terwyl hulle nog so gesels, kom Jakkals verby. Hy is nuuskierig en vra: “Waaroor praat julle so baie?”  Hulle vertel hom en Slang sê: “Almal weet wie honger is, moet eet.”

Jakkals dink en dink. Hy sê: “Eers moet ek alles sien,

om te weet wie die straf verdien.”

Hy sê vir Slang: “Los Padda se been en laat hom weer die boom optel.”

En Padda blaas en blaas hom weer op en lig die boom. “Gaan lê nou weer waar jy was,” sê Jakkals vir Slang. “ Eers alles, alles sien, dan sê wie die straf verdien.”

Slang dink Jakkals doen so baie moeite. Hy gaan lê weer onder die boom. Slang was skaars onder die boom, toe Jakkals Padda beveel om te laat sak. Die boom val en vas is Slang, hy kan nie roer nie. “So ja,” sê Jakkals, “ dis jou verdiende loon: Padda help jou, en jy wil hom insluk!”

Padda is só dankbaar, hy gee die grondboontjies vir Jakkals present om dankie te sê. Toe draai hy maar om huis toe. En dit is hoekom Padda se dertig vrouens tot vandag toe nog steeds kwaak:

**“**Niks kry ons, niks kry ons …

nie krale of ringe

of pêrelstringe

of klokkies wat klinge

of ander mooi dinge,

niks kry ons, niks kry ons …”


En Slang?  Ja, ***slim het sy baas gevang*** . . .!

[Verwerk uit: *Die vier vriende en ander stories uit Afrika* deur Elsa Joubert ]

Kopiereg voorbehou

**WOORDESKAT**

1. Verdiende loon: jy het die straf gekry wat jy verdien vir wat jy gedoen het (*got what you deserve)*
2. Klokkies wat klinge: geluid as klokkies lui (*ringing bells)*

**Nadat jy geluister het**
**Oefening 1**

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wie is die hoofkarakter in die verhaal? Waarom sê jy so?
2. Van watter karakter het jy die meeste gehou? Hoekom?
3. Verduidelik die idioom ***SLIM HET SY BAAS GEVANG.***
4. Hoeveel vrouens het Padda gehad?
5. Waarom was die vrouens ontevrede?
6. Hoekom is Padda mark toe?
7. Wat het hy uiteindelik met die sak grondboontjies gedoen?
8. Watter **slim** plan het Slang gemaak om los te kom?
9. Gee 'n karaktertrek (*characteristic*) wat Slang goed beskryf.
10. Wat dink jy van Rooibok?
11. Dink jy Jakkals was regverdig (*fair*)? Motiveer jou antwoord.
12. Watter dier sou jý graag wou wees? Hoekom?
13. Watter **boodskap** gee die verhaal vir ons?

**Oefening 2**

Vertel van 'n dag in jou lewe toe *“slim ook sy baas gevang het.”*

## Lees en kyk

**Voor jy'n gedig lees**
Die digter van *Die dans van die reën* het baie belang gestel in die San-mense en hul leefwyse. As woestynbewoners was hulle altyd baie bly oor die reën. Reën is ook gesien as simbool van **vrugbaarheid** *(fertility).*

Kopiereg voorbehou

**Terwyl jy lees**

Wanneer nie-menslike dinge menslike eienskappe kry, noem ons dit **personifikasie** *(personification)*, bv. as ons sê **die wind huil** om die hoeke. Daar is baie voorbeelde van personifikasie in hierdie gedig. Kyk of jy dit kan raaksien. Probeer ook om in jou eie woorde te sê waaroor elke strofe gaan.

**Die dans van die reën – Eugene Marais**




*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans*
*uit die Grootwoestyn*

1. *O die dans van ons Suster!*
2. *Eers oor die bergtop loer sy skelm,*
3. *en haar oge is skaam*
4. *en sy lag saggies.*

5. *En van ver af wink sy met die een hand;*
6. *haar armbande blink en haar krale skitter;*
7. *saggies roep sy.*
8. *Sy vertel die winde van die dans*
9. *en sy nooi hulle uit want die werf is wyd en die bruilof groot.*

10. *Die grootwild jaag uit die vlakte,*



11. *hulle dam op die bulttop,*
12. *wyd rek hul die neusgate*
13. *en hulle sluk die wind;*
14. *en hulle buk, om haar fyn spore in die sand te sien.*

15. *Die kleinvolk onder die grond hoor die sleep van haarvoete*
16. *en hulle kruip nader en sing saggies:*
17. *"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"*

18. *En haar krale skud,*
19. *en haar koperringe blink in die wegraak van die son*
20. *Op haar voorkop is die ****vuurpluim*** *van die ****berggier***
21. *sy trap af van die hoogte;*
22. *sy sprei die vaal ****karos*** *met al twee arms uit;*
23. *die asem van die wind raak weg.*
24. *O, die dans van ons Suster!*

[Uit: *Groot Verseboek*]

Kopiereg voorbehou

**WOORDESKAT**

* vuurpluim: 'n veer wat helder blink in die sonlig.

* berggier: 'n groot roofvoël.

* karos: 'n Khoi-woord vir 'n gebreide velkombers.

**Nadat jy gelees het**

**Oefening 3**

Beantwoord die volgende vrae oor die inhoud van die gedig.

1. Waaroor handel die gedig?
2. Die reën word as 'n _____ voorgestel
   Wanneer nie-menslike dinge menslike eienskappe kry, noem ons dit _____.
3. Waarom word "Suster" hier met 'n hoofletter geskryf?
4. Wat sê die uitroep "O" waarmee die gedig begin, vir ons?
5. Reën het vir die San-mense ook _____ beteken.
6. Wat is die "blink" armbande wat "skitter"?
7. Hoe verskil die grootwild en die kleinwild se reaksie van mekaar?
8. Waarom word "Ons Suster" in reël 17 herhaal?
9. Wat is 'n "karos"?
10. Beskryf hoe die reën nader kom.

**Verrykende lees**

**"Lees is die deur na vryheid!"**

Kinders lees deesdae heeltemal te min. Lees maak vir 'n mens die deur na kennis oop. Jy kan nooit te veel lees nie!



Lees (en leer) die gedig oor die lastige muskiet. Muskiete is draers van 'n baie gevaarlike siekte, malaria.

Kopiereg voorbehou



**Muskietejag – A D Keet**

*Jou vabond wag, ek sal jou kry,*
*Van jou sal net 'n bloedkol bly*
*Hier op my kamermure.*
*Deur jou vervloekte gonsery,*
*Deur jou gebyt en plaery*
*Kon ek nie slaap vir ure.*

*Mag ek my voorstel, eer ons skei,*
*Eer jy die doodslag van my kry –*
*My naam is Van der Merwe.*
*Muskiet, wees maar nie treurig nie,*
*Wees ook nie so kieskeurig nie.*
*Jy moet tog ééndag sterwe.*

*Verwekker van malaria,*
*Sing maar jou laaste aria –*
*Nog een minuut vir grasie.*
*Al soebat jy nou nóg so lang,*
*Al sê jy ook: ek is nie bang,*
*Nooit sien jy weer jou nasie …*

*Hoe sedig sit hy, O, die kreng!*
*Sy kinders kan maar kranse bring,*
*Nóu gaan die vabond sterwe …*
*Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!*
*Maar dóód sal hy , sowaar, ek sweer –*
*My naam is Van der Merwe!*

[Uit: *Karos*, Ronel Gouws]

Kopiereg voorbehou

**WOORDESKAT:**

vabond: stoute persoon/dier *(rascal)*

gonsery: fyn geluid wat ’n muskiet maak *(buzz)*

kieskeurig: hou nie sommer van enige iets nie *(fussy)*

aria: sangstuk *(song)*

grasie: uitstel *(grant pardon)*

sedig: hou hom onskuldig; soos ’n heilige *(modest)*

kreng: skelwoord, vuilgoed *(abusive name)*

kranse: blomme vir ’n graf *(wreath)*

**Oefening 4**

Leerders lees of dra die gedig voor vir genot.

## Skryf en aanbied

**’n Dagboekinskrywing**





**Voor jy skryf**

**As jy ’n dagboekinskrywing maak, moet jy die volgende onthou:**

- Skryf altyd in die eerste persoon, want jy gesels eintlik met jouself.
- Dis 'n kort vertelling.
- Gee 'n **datum**, bv. Vrydag, 27 Julie 2012.

Kopiereg voorbehou

- Jy mag begin met *Liewe Dagboek ,* maar dis nie nodig nie.
- Gebruik **volsinne.**
- Dis privaat en jy kan oor jou diepste emosies gesels.
- Jy vertel van iets wat reeds gebeur het. Skryf dus in die **verlede tyd**.
- Omdat jy vir jouself skryf, kan jy oordryf (*exaggerate*).
- Noem die mense oor wie jy skryf op die name wat jy ken en soos jy hulle gewoonlik noem, bv. ***Ouma*** (nie ***my ouma*** nie).
- Gebruik vrae om gevoel uit te druk, bv. **Hoekom het dit nou met mý gebeur?**

Kyk mooi na die volgende voorbeeld:

Liewe Dagboek
15 Augustus 2012
Sjoe, vandag was 'n baie lekker dag ! Ek het altyd geweet ek is 'n kind van die bos! Ons is vandag op 'n uitstappie in die natuur geneem deur Oupa en oom Piet. Ek was nie eers bang vir die wilde diere nie!

Dis baie lekker om die diere se spore te volg. Wilde diere het verskillende spore. Ek weet ook nou katte het drie voetkussinkies en honde twee. Ek wens dis al môre, dan gaan ons weer 'n dier se spoor vat… Hoekom gaan die tyd so sta-a-a-adig verby?!

**Woordeskat**

| AFRIKAANS | ENGELS |
|---|---|
| uitstappie | excursion |
| natuur | nature |
| verskillende | different |
| voetspore | foot prints |
| voetkussinkies | paws |
| spoor vat | follow a trail |
| stadig | slow |


Kopiereg voorbehou


**Oefening 5**


Skryf nou ‘n dagboekinskrywing van 50 – 80 woorde oor wat gebeur het toe jy ‘n dag in die bos was en vir ‘n dier geskrik het. Skryf in die verlede tyd.


**Beplan jou skryfstuk**. Maak ’n kopkaart en skryf dit eers as rofwerk.

**Verbeter jou skryfstuk**. Lees dit deur, verbeter jou foute en skryf dan die **finale** stuk.



## Taal in konteks

### Spelreëls

| **'n Belangrike spelreël wat jy reeds ken:** | |
|---|---|
| ▪ In Afrikaans skryf ons lang vokale aan die einde van 'n lettergreep met net een letter, bv. : | |
| **jaa**r, maar **ja**re ( ja-re ) | m**uur,** maar m**u**re ( mu-re ) |
| **bee**n, maar b**e**ne ( be-ne ) | r**oo**s, maar r**o**se ( ro-se ) |
| ▪ Ons skryf lang vokale wat in die middel van 'n lettergreep staan, dit wil sê tussen twee konsonante, met twee letters, bv.: | |
| r**oo**sbl**aar** | ver**jaa**r |
| sk**oo**lm**uu**r | d**uu**r |

**Oefening 6**

Skryf nou die volgende paragraaf oor. Kies die regte woorde:

'n Boer het ‘n (1. groot/grot) probleem op sy (2. plas/plaas) gehad. 'n Luiperd het snags sy (3. eende/ende) by sy (4. damme/dame) gevang. Die boer besluit toe om iets aan die (5. sak/saak) te doen. Hy (6. stel/steel) een nag ‘n wip vir die luiperd en vang hom. Hy besluit toe om die (7. dier/duur) aan die Krugerwildtuin te (8. skink/skenk). Hy (9. gaan/gan) (10. hael/haal) ‘n verdowingsinspuiting en (11. spyt/spuit) die luiperd daarmee in. Toe hy by die (12. slappende/slaapende/slapende) gedierte kom, laai hy hom op sy (13. baakie/bakkie) en vertrek met die (14. gevarlike/gevaarlike) dierasie.

**Selfstandige naamwoorde *(Nouns*)**

**Selfstandige naamwoorde** is die **name** van mense, plekke, dinge, ens., bv: **T**emba, **Z**ulu, **G**auteng, **D**rakensberge, **V**aalrivier, **A**pril, tafel, olifant, skool, emmer, liefde, ens.

Let op: Die name van mense, die maande van die jaar, dorpe, lande, berge, riviere en ander plekke word met **hoofletters** geskryf.

Party selfstandige naamwoorde kan **meervoud** (*plural*) hê. Dis om aan te dui dat daar **meer as een** van iets is, bv. tafel – tafel**s**; boek – boek**e**; kind – kind**ers**; ma – ma**'s**; besigheid – besig**hede**, ens.

Meervoude word gewoonlik deur die volgende agtervoegsels gevorm:

**-e, -s, -ere, -ers, -'s, -te, -de, -ens** en **-ede.**

Party selfstandige naamwoorde kan ook **verkleinwoorde** hê. Dis om aan te dui dat iets **klein is**, bv.: tafel – tafel**tjie**; boek – boek**ie**; kind – kind**jie**, ens.

**Oefening 7**

Voltooi die tabel hieronder.

| WOORD | MEERVOUD | VERKLEINWOORD |
|---|---|---|
| jakkals | | |
| pêrelstring | | |
| klok | | |
| boom | | |
| rug | | |
| lied | | |
| volk | | |
| dans | | |
| armband | | |
| bergtop | | |
| hap | | |
| koning | | |
| kraal | | |
| spoor | | |
| bult | | |
| voetkussing | | |
| kalf | | |
| rooibok | | |
| gesig | | |
| vrou | | |
| viool | | |

Kopiereg voorbehou

**Oefening 8**

**Woordvorming**

Jy weet reeds die volgende:

- die kleinste deel van 'n woord wat betekenis het, is die **stam.**
- nuwe woorde (afleidings) kan deur **voor- en agtervoegsels** gevorm word.

**Nuwe woorde** word gevorm deur ‘n **voorvoegsel** aan 'n stam te voeg, bv. ge- be-, her-, ont-, on- of ver- **OF** deur ‘n **agtervoegsel** aan 'n stam te las, bv. -baar, -loos, -agtig, -aard, -ig, -er **OF** deur ‘n **voorvoegsel EN agtervoegsel** aan 'n stam te las.

Gebruik nou **voor- of agtervoegsels** om die korrekte woorde te vorm:

1. Dit is vir die diere (nie **moontlik** nie) om sonder water te oorleef.
2. Jy moet jou opstel (**beter maak**) voor jy dit inhandig.
3. Die jagter (**ken** weer) die leeu aan sy donker maanhare.
4. Die siek diere (het **nodig)** hulp, want hul moet weer gesond word.
5. Al die gehardloop het die (een wat ge**wen** het) baie moeg gemaak.
6. My pa is nou al lank (**sonder** werk).

**Sinsoorte**

In Afrikaans onderskei ons tussen die volgende sinsoorte:

1. **Stelsin:** as ons net iets sê, bv. *Wilde diere is gevaarlik.*
   *('n **punt** aan die einde van die stelsin)*
2. **Vraagsin:** as ons iets vra, bv. *Wat eet jy**?***
   *('n **vraagteken** aan die einde van die vraagsin)*
3. **Bevelsin:** as ons ’n opdrag of bevel gee of vir iemand sê om iets te doen, bv**.** *Tel op die papiere!*
   *('n **uitroepteken** aan die einde van die bevelsin)*
4. **Uitroepsin:** as ons emosie of gevoel wil uitdruk, bv. *Eina, jy trap op my tone!*
   *('n **uitroepteken** aan die einde van die uitroepsin)*

**Oefening 9**

Gee 'n voorbeeld van elke sinsoort uit die verhaaltjie of gedigte wat jy hierbo gelees het.

Kopiereg voorbehou

**Lydende en Bedrywende Vorm**

Jy weet reeds dat die **werkwoord** in die verskillende tydsvorme verander.

| | **AKTIEF BEDRYWENDE VORM** | **PASSIEF LYDENDE VORM** |
|---|---|---|
| Teenwoordige tyd | Die leeu **vang** die bok. | Die bok **word** deur die leeu **gevang.** |
| Verlede tyd | Die leeu **het** die bok **gevang**. | Die bok **is** deur die leeu **gevang**. |
| Toekomende tyd | Die leeu **sal** die bok **vang**. | Die bok **sal** deur die leeu **gevang word**. |

**Oefening 10**

Skryf die volgende sinne oor in die **lydende/passiewe** vorm. Begin met die onderstreepte gedeelte:

1. Die leeu het die sebra gevang.
2. Die toeriste besoek gereeld die Krugerwildtuin.
3. Sipho sal die slang skiet.
4. Die jagter het die bok afgeslag.
5. Ons moet die natuur mooi oppas.

Kopiereg voorbehou